

**Leemtes in die
assessering van die
seksueel misbruikte kind
deur die forensiese
maatskaplike werker**

**Charmaine E. Meüter
2011**

**Leemtes in die assessering van die seksueel
misbruikte kind deur die forensiese
maatskaplike werker**

Charmaine E. Meüter
BA(MW)

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die
vereistes
vir die graad

MAGISTER

in

MAATSKAPLIKE WERK:FORENSIESE PRAKTYK

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

**NOORDWES-UNIVERSITEIT
(POTCHEFSTROOMKAMPUS)**

Studieleier: Prof. C.C Wessels
Potchefstroom
2011

DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag diegene wat my gedurende die afgelope twee jaar geïnspireer en ondersteun het.

- ❖ In memoriam, Me. Antonette Labuschagné, supervisor gedurende finale jaar studies van maatskaplike werk. Sy het my geïnspireer om nagraads te studeer.
- ❖ My verloofde, Cornelis wat my ondersteun het.
- ❖ Professor Cornelia Wessels wat my deurgaans ondersteun en leiding gegee het.
- ❖ My vriende, familie, voornemende skoonouers asook kollegas wat my deurgaans ondersteun en aangemoedig het.
- ❖ My Hemelse Vader wat vir die talente asook deursettingsvermoë wat Hy my toe gedeel het om my studies te kon voltooi.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS.....	I
INHOUDSOPGAWE.....	II
OPSOMMING.....	III
ABSTRACT.....	IV
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS.....	V
VOORWOORD.....	VI
LEEMTES IN DIE ASSESSERING VAN DIE SEKSUEEL MISBRUIKTE KIND DEUR DIE FORENIESE MAATSKAPLIKE WERKER.....	1
1. INLEIDING.....	1
2. PROBLEEMSTELLING.....	1
3. DOELSTELLING.....	7
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING.....	7
5. METODE VAN ONDERSOEK.....	7
5.1 LITERAATURSTUDIE.....	8
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK.....	8
5.2.1 Die Navorsingsontwerp.....	10
5.2.2 Die Navorsingsdeelnemers.....	11
5.2.3 Meetinstrument.....	11
5.2.4 Etiese aspekte.....	12
5.2.5 Dataverwerking.....	13
6. BESPREKING VAN DIE KWANTITATIEWE DATA.....	14
6.1 PROFIEL VAN DEELNEMERS.....	14
6.1.1 Professionele Kwalifikasie.....	14
Sirkeldiagram 1: Proffesionele Kwalifikasie.....	15
Sirkeldiagram 2: Werksarea.....	15
6.1.2 Hoogste kwalifikasie.....	17
Sirkeldiagram 3: Magisters.....	17
Sirkeldiagram 4: Dokotoraal.....	17
6.1.3 Jare ondervinding in forensiese praktyk.....	18
Histogram 1: Jare ondervinding in forensiese maatskaplike werk.....	1822
7. BESPREKING VAN KWALITATIEWE DATA.....	19
Skematiese voorstelling 1: Verskil tussen generiese en forensiese maatskaplike werk.....	22
8. GEVOLGTREKKING.....	43
9. AANBEVELINGS.....	45
10. SAMEVATTING.....	46
BIBLIOGRAFIE.....	48
BYLAE.....	55
BYLAAG 1: DEKBRIEF.....	55
BYLAAG 2: VRAELYS.....	56

OPSOMMING

Leemtes in die assessering vn die seksueel misbruikte kind deur die forensiese maatskaplike werker

SLEUTELTERME: Forensiese maatskaplike werk, seksueel misbruikte kinders, assessering

Aanvraag na forensies maatskaplikewerk as spesialis veld is sterk aan die toeneem weens die snelle morele verval van die gemeenskap en gevolglik hoe eise wat aan die generiese maatskaplike werkers gestel word. Wysigings aan bestaande wetgewing en die ontwikkeling van nuwe wetgewing bied meer geleenthede vir die geregtelike vervolging van die oortreeders en gevolglik hoër benutting van die forensiese maatskaplike werker.

‘n Behoefte is ervaar om navorsing te doen rakende die leemtes wat forensiese maatskaplike werkers of/enige ander werkers wat huidiglik forensiese assesserings met die seksueel getraumatiseerde kind doen, ervaar.

Die doelstelling van die ondersoek was om vas te stel watter leemtes maatskaplike werkers in die praktyk ervaar wanneer hulle kinders forensies asseseer.

Daar is van die opnameprosedure gebruik gemaak om kwalitatiewe, sowel as kwantitiewe data te bekom.

‘n Doelgerigte steekproef is gebruik waar onderhoude met vyf deelnemers gevoer is om die data te bekom. ‘n Selfopgestelde vraelys is as meetinstrument gebruik.

Vanuit die bevindinge is dit duidelik dat daar heelwat leemtes is binne die veld van forensiese maatskaplike werk en die noodsaaklikheid van verdere navorsing in hierdie vakterrein in Suid-Afrika kom duidelik na vore.

ABSTRACT

Gaps in the assessmet of the sexually abused child by the forensic social worker

KEY CONCERNS: Forensic social worker, sexually abused children, assessment

The demand for forensic social work as a specialist field is increasing rapidly, due to the increasing moral decline of the community and consequent higher demands set to generic social workers. Amendments to existing acts as well as the development of new legislation, lead to more opportunity for the prosecution of the perpetrator, and therefore a higher utilization of the forensic social worker.

A need was experienced to do research regarding the gaps experienced by social workers or any other workers who are currently executing forensic assessments with the sexually traumatised child.

The aim of the investigation was to determine which gaps social workers experience in the field when assessing a child forensically.

A recording procedure was used to obtain qualitative as well as quantitative data.

A purposive sampling was used were interviews were held with five participants to obtain the data. A selfdeveloped questionnaire was used as measuring instrument.

It is clear from the findings that there are definite gaps within the field of forensic social work and the need of further research within the field of forensic social work in South Africa is highlighted.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Social Work / Maatskaplike Werk is 'n nasionale geakkrediteerde vaktydskrif.

Die tydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van maatskaplike werk.

Die volgende standaarde word gestel vir die publisering van bydraes:

- ❖ Artikels mag in Afrikaans of Engels voorgelê word.
- ❖ 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde moet die artikel vergesel.
- ❖ Bydraes word krities deur twee keurders beoordeel, wie se identiteite streng vertroulik is.
- ❖ Manuskripte word aan outeurs teruggestuur, as ingrypende hersiening vereis word of as die styl nie met die tydskrif se standaard ooreenstem nie.
- ❖ Artikels van minder as 2 000 woorde of meer as 10 000 woorde sal normaalweg nie oorweeg word vir publikasie nie.
- ❖ 'n Disket met die teks, verkieslik in Windows MS Word moet die hele manuskrip asook twee afskrifte van die manuskrip vergesel.
- ❖ Manuskripte moet in 12 pt "Times New Roman" dubbelspasiëring, slegs op een kant van 'n A4-bladsy getik word.
- ❖ Indien moontlik moet die manuskrip per e-pos aan hsu@sun.ac.za versend word.
- ❖ Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied.
- ❖ Verwysings in teks:
 - ❖ As woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne aangehaal word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakkies in die teks verskyn, bv. "..." (Berger, 1967:1)
 - ❖ Bronverwysings: Bronne moet alfabeties volgens vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies ooreenkomstig Regulasie A.7.5.7.4 vir die graad Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk. Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Maatskaplike Werk / Social Work.

Die artikel is lank, omdat dit omvattende navorsing bevat en die navorser nie graag belangrike bevindinge wou uitlaat nie.

Die artikel beslaan 60 krediete uit 'n totaal van 188 krediete van die Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk, kursus.

Leemtes in die assessering van die seksueel misbruikte kind deur die forensiese maatskaplike werker

Professor Cornelia Wessels, Senior Lektor verbonde aan die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus).

Charmaine E. Meüter, Meestersgraadstudent in Forensiese Praktyk aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus) en werksaam te CMR Komatipoort / Malelane in diens van die Christelik Maatskaplike Raad, Mpumalanga.

1. INLEIDING

Forensiese maatskaplike werk word reeds vanaf die 1980's in die VSA as 'n spesialiteitsveld, met relatiewe streng reëls en regulasies, geklassifiseer. Forensiese maatskaplike werk is 'n relatiewe nuwe terrein in Suid-Afrika. Die aanvraag na die spesialiteitsveld is besig om in so 'n mate toe te neem dat die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe genoodsaak is om te kyk na die moontlikheid om forensiese maatskaplike werk as spesialiteitsveld binne maatskaplike werk te erken. Tans is daar geen aparte reëls, regulasies en etiese kodes wanneer 'n maatskaplike werker, kinders forensies assesseer nie. Hierdie ondersoek het ten doel om vas te stel watter leemtes werkersin die praktyk ervaar wanneer hulle kinders forensies assesseer.

2. PROBLEEMSTELLING

In die *Children's Act, 38 of 2005*(SA,2005) sowel as die *Criminal Law, Sexual Offences and related matters, Amendment Act, 32 of 2007*(SA,2007) word 'n kind omskryf as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Die Suid-Afrikaanse regering het in 1995 die *United Nations Convention on the Rights of the Child* 1989 onderteken. Met die ondertekening van hierdie Konvensie is daar onderneem om

die bepalings daarvan na te kom. Die nakoming behels onder andere die beskerming van die kind se status en die bevordering van “n kind se beste belang”. ‘n Kind moet beskerm word teen alle vorme van onreg, fisiese sowel as sielkundige geweld, beserings, mishandeling, verwaarlosing en uitbuiting (insluitend seksuele mishandeling), terwyl hy hom in die sorg van sy ouers, voogde of enige ander persoon wat vir hom verantwoordelik is, bevind.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996 (SA, 1996), stipuleer onder andere dat alle kinders in Suid-Afrika die reg het om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik, vernedering en uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word. Seksuele misdrywe wat teen kinders gepleeg word skend hulle liggaamlike integriteit, waardigheid en privaatheid.

Die *Children’s Act, 38 of 2005*(SA,2005) beklemtoon selfs dat die “beste belang van ‘n kind” in sterker terme as die Grondwet van Suid-Afrika, deurdat dit in Artikel 7 van die Wet ‘n volledige uiteensetting bied van die elemente wat in gedagte gehou moet word wanneer daar oorweging geskenk word aan die beste belang van die kind. Die “beste belang van ‘n kind” is soos ‘n goue draad, deur die geheel van die *Children’s Act, 38 of 2005*(SA,2005), verweef. Artikel 9 van genoemde wet, stipuleer dat: “*in all matters concerning the care, protection and well-being of a child the standard that the child’s best interest is of paramount importance, must be applied*” (SA,2005).

Hoofstuk 3 van die *Criminal Law, Sexual Offences and related matters, Amendment Act, 32 of 2007*(SA,2007), kan uitgesonder word deurdat dit slegs seksuele misdrywe teenoor kinders aanspreek. Seksuele misdade met kinders maak inbreuk op hul reg op liggaamlike integriteit asook seksuele vryheid. ‘n Kind se emosionele, seksuele en fisiese weerloosheid bring mee dat misdade met ‘n seksuele ondertoon geweldige emosionele trauma vir kinders inhou. Statistiek Suid-Afrika dui aan dat daar elke drie sekondes ‘n kind verkrag word; elke dag drie kinders vermoor word en jaarliks ongeveer 50 000 kinders aangerand word. Uit die 21 900 aanmeldings van kinderverkragtings word minder as 9% van die oortreders suksesvol aangekla. Verder word daar geskat dat meer as 17 000 verkragtings glad nie aangemeld word

nie (Bailey, 2009:15). Pipe, Lamb, Orbach en Cederborg (2007:11) dui ook aan dat verkrachtings 'n groot probleem oorsee is. Die bogenoemde outeurs voeg dan verder by dat die seksuele misbruik van kinders om die volgende redes nie aangemeld word nie:

- ❖ Die kind dra nie kennis dat dit wat met hom/haar gebeur het, 'n oortreding is nie.
- ❖ Daar is geen fisiese tekens dat die kind mishandel is nie.
- ❖ Kinders ontken seksuele misbruik omdat hulle die oortreder wil beskerm.

Gemeet aan inligting met betrekking tot kindermisbruik soos vervat in koerante, tydskrifte en die algemene media oor die afgelope paar jaar, is dit duidelik dat kindermisbruik in Suid-Afrika sterk aan die toeneem is. Gedurende 2009 is daar een miljoen telefoon oproepe na Childline se krisislyn gemaak. Dit is die grootste volume oproepe wat hulle tot nog toe ontvang het. Joan Van Niekerk, Besturende Direkteur van Childline het die volgende hieroor te sê gehad: "Every year we get more calls, but this was the highest we ever recorded." Sy het verder bygevoeg dat ongeveer 25 000, dit wil sê ongeveer 68 kinders per dag, verwys was vir krisibystand. Van die 25000 kinders wat verwys is vir krisibystand, was ongeveer 3428 fisies aangerand, 4847 emosioneel aangerand en 888 seksueel aangerand (Ncana, 2009:1).

Bronne dui daarop dat die taak van maatskaplike werkers reeds vanaf die vroegste tye ondersoek om wetlike funksies te vervul, ingesluit het. Maatskaplike werkers se ondersoek was hoofsaaklik daarop gerig om vas te stel of ouers geskik is om die bewaring van hul kinders te hê. Maatskaplike werkers moes as getuies in die hof optree en daar is van hulle verwag om bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings oor 'n betrokke kind se huislike omstandighede te maak (Barker & Branson, 2000:2).

Volgens die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:40) kan maatskaplike werk omskryf word as: "n professionele diens wat deur 'n maatskaplike werker gelewer word en wat gerig is op die bevordering van die maatskaplike funksionering van die mens." Forensiese maatskaplike werk wat 'n spesialiteitsveld binne die terrein van

maatskaplike werk is, word soos volg deur Barker en Branson (2000:1) omskryf: "Forensic Social work is a professional speciality that focuses on the interface between society's legal and human systems. It includes such activities as providing expert testimony in courts of law, investigating cases of possible criminal conduct and assisting the legal system in such issues as child custody disputes, divorce, non-support, delinquency, spouse or child abuse, mental hospital commitment and relative's responsibility."

Uit die bogenoemde omskrywings is dit dus duidelik dat forensiese maatskaplike werk spesialiteitskennis en -vaardighede vereis. Weyers, (2001:20) is van mening dat die verskil tussen forensiese maatskaplike werk en maatskaplike werk, daarin lê dat forensiese maatskaplike werk gesien kan word as 'n spesialiteit binne die groter terrein van maatskaplike werk. 'n Forensiese maatskaplike werker is beter bevoeg om as 'n deskundige getuie in die hof te kan optree.

Volgens Faller (2007:4-9) is daar vir die maatskaplike werker 'n beduidende verskil tussen 'n forensiese onderhoud en 'n terapeutiese onderhoud met kliënte. Forensiese maatskaplike werkers word spesifiek opgelei om onderhoude in dié praktyk te voer, aangesien die hof dit van hulle vereis.

Lamb, Hershkowitz, Yael en Esplin (2009:1) dui aan dat professionele persone en maatskaplike werkers wat onderhoude voer nie altyd opgelei is om tydens die onderhoud die regte forensiese assesseringstegnieke te gebruik, wat benodig word in 'n forensiese ondersoek nie. Inligting wat tydens dié onderhoud ingesamel word, word dus beïnvloed. Laasgenoemde bring mee dat die verklaring as onbetroubaar beskou word. Wanneer 'n persoon wat nie 'n deskundige is nie die onderhoud voer, kan basiese foute gemaak word soos byvoorbeeld dat die kind gesien word as die kliënt terwyl die hof die werklike kliënt is. Die maatskaplike werker, werk terapieë met die betrokke kind en kan leidende vrae vra. Laasgenoemde is een van die grootste foute wat gemaak kan word binne 'n forensiese raamwerk. Die forensiese maatskaplike werker moet ten alle tye objektiwiteit handhaaf en alle relevante inligting insamel met betrekking tot die aantygings wat gemaak is. Die forensiese

maatskaplike werker maak gebruik van 'n gestruktureerde assesseringsprotokol wat wetenskaplik gefundeer is. Geen leidende vrae word gevra nie en daar word slegs gefokus op inligting wat ingesamel is tydens die ondersoek asook inligting wat relevant is tot die saak (Herman, 2009:252).

Ongeveer 82% van maatskaplike werkers is van mening dat hulle nie voorgraads genoegsame opleiding in forensiese maatskaplike werk ontvang nie, daarom nie toegerus is om as forensies maatskaplike werker in die hof op te tree nie (Ludwig, 2007:17). Redes wat deur Ludwig (2007:17) uitgewys is, is soos volg:

- ❖ Sommige studente se praktiese opleiding sluit nie hofwerk in nie.
- ❖ Basiese kennis word aangebied en nie gespesialiseerde kennis nie.
- ❖ Kursus inhoud is reeds oorvol.
- ❖ Forensiese werk word nie aangebied nie.
- ❖ Opleiding is generies van aard en daar is geen tyd oor nie weens 'n oorvol kurrikulum.
- ❖ Personeel is onervare op hierdie gebied en sal leiding ten opsigte van die opleiding van studente verwelkom, aangesien die opleiding in forensiese werk vir maatskaplike werkers belangrik is.

Ludwig (2007:17) se studie dui verder aan dat ongeveer 55% van opleidingsinstansies nie forensies maatskaplike werk in hul kursus insluit nie. Laasgenoemde het tot gevolg dat maatskaplike werkers nie oor die nodige vaardighede en kapasiteit beskik om as 'n deskundige in die hof op te tree nie, en sodoende meer skade aanrig aan die maatskaplike werk profesie.

Plunkett in Anon. 1 (17:2005) is van mening dat indien professionele persone en werkers reg opgelei is dit hulle houding, kennis en vaardighede verhoog.

Die Raad vir Maatskaplike Diensberoep (2010) beplan om die volgende vereiste vir registrasie as forensiese maatskaplike werker daar te stel;

- ❖ 'n Persoon moet 'n geregistreerde maatskaplike werker by die Raad wees.
- ❖ 'n Persoon moet oor 'n meestersgraad asook ten minste 2 jaar veldwerk ondervinding en ten minste 5 jaar toepaslike ondervinding binne die forensiese maatskaplike werk veld beskik.
- ❖ Die persoon moet kan demonstreer dat hy/sy kan voldoen aan die kriteria van die Raad en dan sal die raad bepaal of die betrokke persoon bevoeg is om as forensiese maatskaplike werker te praktiseer.

Aucamp (2010:7) dui aan dat die American Professional Society for Abused Children (APSAC) die volgende vereistes stel om as forensiese maatskaplike werker te kwalifiseer:

- ❖ Die persoon moet oor 'n gevorderde geestesgesondheids graad beskik, verkieslik 'n Meestersgraad (MSW) of 'n doktoraal (PhD).
- ❖ Die persoon moet geskikte kennis hê rondom die assessering van kinders en gesinne asook ten minste 2 jaar ondervinding (drie tot vyf jaar word verkies).
- ❖ Die persoon moet gespesialiseerde opleiding ontvang met betrekking tot kinder ontwikkeling en seksuele misbruik.
- ❖ Die persoon moet op datum wees met die nuutste literatuur.
- ❖ Die forensiese werker moet ondervinding hê om 'n forensiese evaluering en ondersoek te kan doen, en aan die hof te kan rig. As die forensiese werker nie oor die vaardighede beskik nie, moet die forensiese werker onder toesig van 'n Supervisor werk.

Uit die bogenoemde literatuurstudie blyk dit dat daar 'n toename in die misbruik van kinders is. Die howe verwag van maatskaplike werkers om 'n professionele diens aan gesinne te lewer. Vanuit Ludwig (2007:17) se navorsingsstudie blyk dit dat maatskaplike werkers nie genoegsame opleiding ontvang om hulle taak suksesvol te verrig nie. Sake word dikwels uitgegooi omrede maatskaplike werkers vanweë 'n

tekort aan die nodige kennis en vaardigheid, nie daartoe instaat is om as betroubare deskundige getuie te dien, sivalle getuie in die hof te lewer nie. Die SACSSP begin erkenning daaraan verleen dat forensiese maatskaplike werk, 'n spesialiteitsveld binne maatskaplike werk is. Hulle is in die proses om die vereistes vir die registrasie as 'n forensiese maatskaplike werker te verfyn. Laasgenoemde vereistes gaan egter nie ongekwalfiseerde persone verhoed om forensiese maatskaplike werk in die praktyk te beoefen nie.

Uit die bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag:

Watter leemtes ervaar werkers in die praktyk ten opsigte van die assessering wanneer hulle met 'n seksueel misbruikte kind werk.

3. DOELSTELLING

Die oorhoofse doel van hierdie ondersoek was om vas te stel watter leemtes maatskaplike werkers in die praktyk ervaar wanneer hulle kinders forensies assesseer

4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die identifisering van leemtes wat forensiese maatskaplike werkers ervaar wanneer hulle seksueel misbruikte kinders assesseer, sal toekomstige navorsers in staat stel om hierdie geïdentifiseerde leemtes so effektief moontlik aan te spreek ten einde dienslewering te bevorder.

5. METODE VAN ONDERSOEK

Die volgende bied 'n omvattende uiteensetting van die proses wat tydens die ondersoek deur die navorser gevolg was.

5.1 Literatuurstudie

Die doel van 'n literatuurstudie is tweeledig deurdat dit gerig is op 'n bydrae tot beter begrip van die aard van die probleem wat geïdentifiseer is, asook met die duidelike formulering van die probleemstelling (Fouché & Delport, 2011:133-141). Reeds bestaande literatuur word saamgevat sodat die leser 'n bondige, gedetailleerde en omvattende begrip kan verkry met betrekking tot die navorsingsonderwerp. Die literatuurstudie dui aan hoe die navorsingstudie aansluit by reedsbestaande literatuur asook die wyse waarop dit 'n positiewe bydrae kan lewer tot die toevoeging van nuwe kennis (Thomas & Smith, 2003:18).

Gedurende die navorsingstudie was daar gebruik gemaak van die Ferdinand Postma Biblioteek te Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus) as hulpbron om die nodige literatuur en inligting te bekom. Verskeie boeke, vaktydskrifte, vorige studente se navorsingspublikasies, asook die internet webtuistes en databasisse soos onder andere Social Work Abstract, Social Science Abstract, EBSCO HOST, NEXUS, Repertorium van Suid Afrikaanse tydskrifte artikels en SABNET was geraadpleeg.

Daar is relatief min of geen inligting met betrekking tot forensiese maatskaplike werk in Suid-Afrika beskikbaar. Hierdie stelling word ook bevestig deurdat Kalaski (2006:1) in die inleiding van sy boek aandui dat, 'n gebrek aan literatuur met betrekking tot forensiese werk, die hoofmotivering was vir die skryf van sy boek.

5.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek verwys na die prosedures wat gevolg was om die nodige inligting in te samel. Gedurende die empiriese ondersoek het die navorser persoonlike onderhoude met elke deelnemer gevoer. Vir doeleindes van die studie is dit belangrik dat die leser verstaan hoe die Mpumalanga Laeveld area, waar die studie uitgevoer is, lyk.

Nelspruit is die hoofstad van die Mpumalanga Provinsie en verbind die Gauteng Provinsie met die naby geleë hawe van Maputu in Mozambiek en Mbabane,

hoofstad van Swaziland. Nelspruit is nie net die hoofstad nie, maar ook die middelpunt van die administratiewe- en besigheidsektor van die Laeveld. Nelspruit is ongeveer 120 km vanaf Komatipoort, 50 km vanaf Barberton, 20 km van Witrivier en 120 km van Lydenburg geleë. Dorpe in die Onderberg is gemiddeld ongeveer 50 km van mekaar geleë met Barberton as die verste punt en ongeveer 125 km vanaf Komatipoort. Die ekonomie van hierdie provinsie is hoofsaaklik geskoei op landbou, mynbou, bosbou en toerisme.

Die Mpumalanga Laeveld is hoofsaaklik 'n landelike gebied wat gekenmerk word deur groot armoede en materiële nood. Aldus die uitslag van die 2001 Sensus beskik 27.5% van die persone wat 20 jaar en ouer is oor geen skoolopleiding nie en is die bevolkingsgroei van hierdie gebied hoër as die nasionale gemiddeld (Anon 3, 2011).

Die Jurisdiksie gebied van die Kinderhof, wat te Barberton geleë is, sluit Barberton, Low's Creek, Kaap Muiden, Malelane, Hectorspruit, Marloth Park en Komatipoort in, dit wil sê die hele Mpumalanga Onderberg. Vanweë die uitgestrekte landelikheid van die gebied wat bedien word, is hulpbronne uiters beperk. Die Laeveld en veral die Onderberg is arm aan deskundiges soos Kliniese Sielkundiges, Opvoedkundige Sielkundiges, Arbeids- en spraakterapeute asook maatskaplike werkers. Vanweë die groot aanvraag na die dienste van deskundige hulpbronne binne die hulpgewende diensvelde, asook die beperkte beskikbaarheid van sulke deskundiges word hulle dikwels oorontgun. Oorontgunning sluit in dat daar van hierdie deskundiges verwag word om buite hul deskundigheidsveld op te tree.

Werkloosheid, materiële noodleniging, huweliks- en gesinsverbodskeling, alkohol- en dwelmafhanglikheid/misbruik, gesinsgeweld, kinderverwaarlosing en -mishandeling, seksuele misbruik asook kriminaliteit is maar enkele van die maatskaplike probleme waaronder hierdie gemeenskappe gebuk gaan.

5.2.1 Die Navorsingsontwerp

'n Navorsingsontwerp verwys na die plan of strategie wat gevolg gaan word tydens navorsing. Omrede forensiese maatskaplike werk 'n relatiewe nuwe terrein in Suid-Afrika is en daar 'n gebrek aan literatuur bestaan, was daar vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie gebruik gemaak van 'n verkennende navorsings ontwerp.

Mouton en Marais (1992:45-47) sowel as Babbie en Rubin (2005:123) dui aan dat verkennende studies ten doel het om 'n verkenning van 'n relatief onbekende terrein te doen. Die oogmerke met sodanige verkenning is die volgende:

- ❖ Om nuwe insigte oor die onderwerp in te win,
- ❖ as 'n vooronderzoek tot 'n meer gestruktureerde studie van die verskynsel te dien,
- ❖ om sentrale konsepte en konstrukte te ekspliseer,
- ❖ om prioriteite vir verdere navorsing vas te stel, asook
- ❖ om nuwe hipoteses oor 'n bestaande verskynsel te ontwikkel.

Selltiz in Mouton en Marais (1992:45) lê klem op drie metodes waardeur verkennende navorsing gedoen kan word:

- ❖ 'n Oorsig van die bestaande, toepaslike literatuur.
- ❖ 'n Opname onder mense wat praktiese ervaring van die probleem het.
- ❖ 'n Ontleding van insigontwikkelings voorbeelde.

Gedurende die empiriese ondersoek is die opname prosedure gebruik om kwalitatiewe data te bekom. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:47) omskryf opname prosedure soos volg: "Navorsingsmetode waarvolgens data versamel word uit 'n geselekteerde steekproef om die kenmerke of menings van die populasie te beskryf."

Die geselekteerde steekproef was verder doelgerig deurdat die steekproef gebruik is om sekere deelnemers vir hierdie ondersoek te selekteer. Rubin en Babbie (2005: 247) dui aan dat tydens die gebruik van 'n doelgerigte steekproef maak die navorser gebruik van sy eie diskresie om die steekproef te selekteer. Hierdie steekproef word saamgestel uit elemente wat die navorsing gaan verteenwoordig. Tydens hierdie studie het die navorser persoonlike onderhoude met die vyf deelnemers gevoer. Taylor (2005:121) noem die volgende ten opsigte van onderhoude: "Interviews give the researcher the opportunity to discuss and explore past events. They can also be useful ways of exploring sensitive experiences or topics, which might not be accessible through more structured questionnaire methods."

5.2.2 Die Navorsingsdeelnemers

Louw, van Ede en Louw (1998:35) is van mening dat kwalitatiewe in-diepte studies dikwels slegs 'n klein aantal deelnemers, wat spesiaal gekies word vir hulle vermoë om 'n bepaalde ervaring duidelik en volledig te kan beskryf, gebruik. Omrede die Mpumalanga Laeveld area so 'n beperkte aantal forensiese werkers het, was onderhoude met alle maatskaplike werkers en sielkundiges wat forensiese assesserings doen gevoer.

5.2.3 Meetinstrument

Tydens die ondersoek is gebruik gemaak van 'n selfopgestelde vraelys (**sien Bylaag 2**). Laasgenoemde was gebruik omrede daar nie 'n gestandaardiseerde vraelys beskikbaar was vir die spesifieke studie nie (Delport & Roestenburg, 2011:214). Die selfopgestelde vraelys is dan tydens 'n semi gestruktureerde in-diepte onderhoude met die deelnemers deurgewerk. Die doel van die vraelys sowel as die in-diepte onderhoud was daarop gerig om die deelnemers se persoonlike ervarings asook opinies in te samel, Greef (2011:347). Onderhoude was op video kamera opgeneem (met toestemming van die deelnemers) waarna dit getranskribeer en vernietig is.

5.2.4 Etiese aspekte

Strydom (2002:17) is van mening dat, die deelname van mense aan navorsing, unieke etiese kwessies na vore bring. Ten einde inligting in te samel sonder dat dit ten koste van mense is, is dit belangrik om na etiese kwessies – wat na vore gekom het tydens die navorsingstudie – te kyk.

Tydens die navorsingstudie was gepoog om alle etiese aspekte (relevant tot die studie), soos uiteengesit in Strydom (2011:113-130), na te kom:

- ❖ Deelnemers moet ingelig word aangaande die doel van die navorsingstudie. Deelnemers was telefonies gekontak en ingelig met betrekking tot die ondersoek. 'n Verduidelikingskrywe waarin die doel van die ondersoek breedvoerig uiteengesit en verduidelik is, was aan die deelnemers oorhandig **(Sien Bylaag 1)**.
- ❖ Deelname moet vrywillig wees en skending van privaatheid mag onder geen omstandighede plaasvind nie. Deelnemers het vrywillig toegestem tot die ondersoek asook 'n dokument geteken dat hulle die doel van die ondersoek verstaan; vrywillig deelneem aan die ondersoek, asook toestemming verleen dat die inligting tydens die onderhoud op video kamera opgeneem mag word, waarna die video opname dan deur die navorser getranskribeer en die opname vernietig sal word. Alle inligting wat tydens die onderhoud ingesamel was, is na afloop van die onderhoude getranskribeer. Daar word in die transkripsies verwys na deelnemer 1 ens. Opnames was onmiddellik na transkripsie vernietig.
- ❖ Die navorser moet bekwaam wees om die navorsingsstudie uit te voer. Die navorser het leiding vanaf haar studieleier, professor Cornelia Wessels ontvang ten einde te verseker dat die navorsingsstudie op 'n bekwame wyse deur die navorser uitgevoer was.
- ❖ Bevindings van die ondersoek moet skriftelik bekendgestel word en die navorser moet waak teen plagiaat. Die navorser het alle inligting so akkuraat moontlik deurgegee in haar skripsie. Toepaslike erkenning is in die bronnelys aan alle bronne wat geraadpleeg is, gegee.
- ❖ Deelnemers moet toegang verkry het tot die bevindinge van die verslag. Alle deelnemers was die geleentheid gegun om aan te dui of hulle, na afloop van

die studie, 'n afskrif van die verslag wou ontvang. Die deelnemers het almal aangedui dat hulle 'n afskrif van die verslag verlang. Afskrifte van die verslag is aan alle deelnemers gestuur.

Die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) het die navorsing goedgekeur. Die projeknommer NWU-00027-09-S1, is aan die navorsing toegeken.

5.2.5 Dataverwerking

Die navorser het gebruik gemaak van Tesch in De Vos et al. (1998:343-344) se agt stappe van dataverwerking om die data wat ingesamel was tydens die onderhoude te verwerk.

- Stap 1: Lees deur die transkripsie. Maak aantekeninge oor moontlike idees.
- Stap 2: Selekteer een onderhoud. Lees daardeur en kyk waaroor gaan dit. Maak aantekeninge aan die kant.
- Stap 3: Maak 'n lys van alle temas. Temas wat saam pas, word saam geplaas.
- Stap 4: Gee vir elke tema 'n kode, werk deur al die skripsies en kodeer al die inligting wat saam pas.
- Stap 5: Soek vir die mees beskrywendste woord in die tema en verander dit in 'n kategorie.
- Stap 6: Merk al die kategorieë en plaas al die kodes agter mekaar.
- Stap 7: Die data wat alles saam behoort in een kategorie word saam geplaas.
- Stap 8: Die navorser herkodeer die oorblywende data indien nodig.

In kort was die data opgeneem met 'n video kamera, waarna die data getranskribeer was. Alle transkripsies was sorgvuldig deurgewerk en aantekeninge van die navorser se gedagtes was gemaak, waarna 'n temalys opgestel is. Die navorser het gebruik gemaak van verskillende kleure om verskillende temas te kodeer en te

kategoriseer. Na alle temas saam geplaas was, het die navorser gekyk na die mees beskrywendste woord vir die tema en dit dan in katogorieë geplaas.

6. BESPREKING VAN DIE KWANTITATIEWE DATA


Hier volg 'n uiteensetting van die kwantitatiewe data wat ingesamel is tydens die onderhoude.

6.1 PROFIEL VAN DEELNEMERS


Soos reeds uiteen gesit onder 5.2.2 is dit belangrik dat deelnemers, vir doeleindes van die studie, verteenwoordigend van die populasie moet wees. Dit is belangrik dat lesers ingelig word met betrekking tot die forensiese assesseringsondervinding wat die deelnemers in die veld het. Die volgende is 'n volledige uiteensetting van die deelnemers se professionele kwalifikasies asook die professie waarin hulle, hulself tans bevind.

6.1.1 Professionele Kwalifikasie

Tydens die studie is alle persone wat forensiese assesserings in die Mpumalanga Laeveld area doen, ongeag of hulle oor 'n meestersgraad in forensiese praktyk beskik al dan nie, genader. Deur alle forensiese assesseerders in die Mpumalanga Laeveld te nader, is die navorser instaat gestel om te bepaal watter leemtes forensiese werkers ervaar.



**Sirkeldiagram 1:
Proffesionele kwalifikasie**



**Sirkeldiagram 2:
Werkarea**

Sirkeldiagram 1 dui aan dat vier (80%) van die deelnemers geregistreerde maatskaplike werkers en een (20%) deelnemer 'n sielkundige is. Die rede hoekom slegs een sielkundige by die ondersoek betrek is, is omdat daar nie in die ondersoekarea ander sielkundiges binne die forensiese veld van kinders werksaam is nie.

Sirkeldiagram 2 dui aan dat een (20%) deelnemer by 'n welsynsorganisasie, een (20%) by die gesinsadvokaat, een (20%) by die polisie, een (20%) in skole en een (20%) in haar eie privaatpraktyk, werksaam is. Vanuit laasgenoemde eis dit dus duidelik dat 'n wye verskeidenheid professies binne die werksarea in die ondersoek betrek is.

Enige persoon wat as 'n maatskaplike werker wil praktiseer moet oor 'n vierjaar graad in maatskaplike werk beskik. Nadat hierdie kwalifikasie verwerf is, moet die persoon by die Statutêre Raad vir Maatskaplike Werk, naamlik die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepes registreer. Hierdie registrasie moet jaarliks hernu word. Enige persoon wat aan die bogenoemde kwalifikasie en registrasie vereistes voldoen, mag die titel maatskaplike werker gebruik, ingevolge die *Social Service Professions Act, Act 110 of 1978* (SA, 1978).

Sielkundiges moet registreer by die HPCSA (Health Professions Council of South Africa). Sielkundiges registreer dan in een van die volgende kategorie:

- ❖ Kliniese sielkundige.
- ❖ Beradingsielkundige.
- ❖ Opvoedkundige sielkundige.
- ❖ Industriële sielkundige.
- ❖ Navorsingssielkundige.


Die volgende vereistes vir registrasie by die HPCSA is nodig:

- ❖ “An applicant must hold a qualification approved by the Council for the purpose of registration as a psychologist/registered counsellor/ psychometrist.
- ❖ The minimum period of education for registration as a psychologist is five academic years followed by an approved internship of 12 month’s duration.
- ❖ The minimum period of education for registration as a registered counsellor / psychometrist, is four academic years followed by an approved internship of 6 month’s duration.
- ❖ Applicants are currently required to have all the academic qualifications evaluated in order to determine their status in relation to recognised qualifications. A request for an evaluation should be submitted to the South African Qualifications Authority” (HPCSA, 2011).

Met die bogenoemde as bepalende riglyn was dit duidelik dat alle deelnemers aan die vereistes, wat gestel word om as proffesionele maatskaplike werkers of sielkundiges te praktiseer, voldoen.

6.1.2 Hoogstekwalifikasie

Dit was belangrik om te bepaal of die deelnemers oor die nodige kwalifikasie beskik om forensiese assesserings in die veld te doen.



**Sirkeldiagram 3:
Magisters**

**Sirkeldiagram 4:
Doktoraal**

Sirkeldiagram 3 dui aan dat al vyf die deelnemers reeds oor 'n magistersgraad beskik. Sirkeldiagram 4 dui aan dat drie (60%) van die deelnemers reeds 'n doktoraal voltooi het en twee (40%) van die deelnemers by 'n universiteit geregistreer is en tans besig is met hulle doktorale studie.

Uit die studie het dit ook na vore gekom dat drie van die deelnemers reeds hulle magisters in forensiese praktyk voltooi het. Een van die deelnemers het slegs die eerste jaar van haar magisters voltooi. Die vyfde deelnemer het slegs enkele kursusse in forensiese praktyk deurloop.


Volgens Professor Wessels, Program Bestuurder van die MSW in forensiese praktyk by die Noordwes-Universiteit ervaar meer en meer maatskaplike werkers die behoefte om hulself nagraads te kwalifiseer in 'n spesialiteitsveld. Laasgenoemde word toegeskryf aan die hoë statutêre ladings asook hoë eise wat van hulle se kant aan hulle gestel word. "Die hoë eise het tot gevolg dat maatskaplike werkers aan die hof bewys moet kan lewer dat hulle deskundiges is en oor die nodige kennis, vaardighede en ervaring beskik."

Anon. 2(2011) dui aan dat: “A person with a BSW is considered a generalist and the MSW is considered a specialist or advanced generalist, a Ph.D. or D.S.W. (Doctor of Social Work) generally conducts research, teaches, or analyses policy, often in higher education settings.”

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat al die deelnemers nie net voldoen aan die basiese vereistes om as maatskaplike werkers of sielkundiges te praktiseer nie, maar dat al die deelnemers ook nagraads studier het en die grootste meerderheid reeds 'n meestersgraad behaal het. Soos reeds uitgelig het drie deelnemers reeds hulle doktoraal voltooi en is twee ander deelnemers besig met hulle doktoraal.

6.1.3 Jare ondervinding in forensiese praktyk

Deelnemers se hoeveelheid jare ondervinding in forensiese assesserings van moontlik seksueel misbruikte kinders is ook gekontroleer.



Histogram 1: Jare ondervinding in forensiese maatskaplike werk

Histogram 1 dui aan dat drie (60%) van die Mpumalanga Laeveld se maatskaplike werkers die afgelope drie tot ses jaar werksaam is in forensiese assesserings. Twee (40%) van die deelnemers het reeds meer as 30 jaar ondervinding in hierdie veld van forensiese assesserings van kinders.

Tydens die onderhoude is daar aan die twee deelnemers, wat al vir meer as 30 jaar in die praktyk is, gevra wat gemaak het dat hulle so lank hierdie assesserings doen. Terugvoering sentreer rondom die feit dat die gebrek aan spesialiste in die Mpumalanga Laeveld maatskaplike werkers forseer om oor 'n wyer kennis te beskik, omrede daar nie die nodige spesialiste is wat die dienste kan lewer nie.

Bogenoemde inligting reflekteer dat die deelnemers oor meer as die minimum ondervinding–gemeet aan die voorlopige standaarde van die SACSSP–voldoen.

7. BESPREKING VAN KWALITATIEWE DATA

Tydens die onderhoude was daar aan die deelnemers gevra om leemtes te identifiseer wat hulle ervaar wanneer hulle kinders forensies assesseer. Die volgende temas het uit die data na vore gekom en word bespreek.

Tema 1: Leemtes wat ervaar word ten opsigte van die welsynsstruktuur.

Drie van die deelnemers het aangedui dat hulle in die praktyk frustrasies teenoor die welsynstruktuur ervaar wanneer hulle kinders forensies assesseer deurdat:

“Nie alle maatskaplike werkers verstaan wat die werk van ‘n forensiese werker behels nie.”

“Dit is dit regtig baie moeilik, want jy moet heelyd uitklaar wat jou rol is. Ek is in ‘n omgewing waar ek nie statutêr optree nie en om jou maatskaplike werker regtig te laat verstaan dat dit is waar jou rol stop, en veral om hulle dan betrokke te kry.”

“...baie keer het jy ‘n probleem dat daar is niemand anders wat die kwalifikasie het nie, maar daar is ‘n beperkte hoeveelheid geld beskikbaar en daar is beperkte hoeveelheid sessies wat jy die kind kan sien.” Hierdie deelnemer het verder die

volgende genoem: “... wat vir my hartseer is, is ek het lanklaas ‘n forensiese ondersoek gedoen soos wat ek weet dit gedoen moet word, in die volledigheid wat dit gedoen moet word, met die hoeveelheid sessies wat behoort gedoen te word.”

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat deelnemers frustrasies ervaar in die praktyk. Hierdie frustrasies sluit die volgende in:

- Daar is te min maatskaplike werkers om effektiewe dienste te lewer.
- Finansiële omstandighede van die werkgewer strem dienslewering.
- Vanweë onduidelike grense tussen generiese maatskaplike werk en forensiese praktyk, trek die generiese maatskaplike werker dikwels die bekwaamheid van die forensiese maatskaplike werker in twyfel.
- Vanweë tydsbeperkings word forensiese ondersoeke afgeskeep.

October (2010:1) dui aan dat: “Die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Edna Molewa, het erken daar is kapasiteitsbeperkings wat die toepassing van die bepalinge in die Kinderwet kan strem. Sy het onder meer erken dat daar ‘n tekort is aan maatskaplike werkers.” Crystal in Potgieter (2009:12-13) dui aan dat ‘n tekort aan maatskaplike werkers ‘n groeiende krisis is waarvoor daar nog nie ‘n oplossing gevind is nie. Op die oomblik is die werkslading van maatskaplike werkers so erg dat baie maatskaplike werkers die beroep verlaat omdat hulle uitgebrand is. Die gevolg hiervan is dat daar net nog meer druk op die oorblywende maatskaplike werkers geplaas word. Maatskaplike werkers (hetsy in praktyk of nie) skrik ook potensiële nuwe toetreders tot die veld af.

Ashley in Potgieter (in opdrag van Solidariteit Helpende Hande, 2009:10-12) sê: “Die rede vir die tekort aan maatskaplike werkers is die feit dat maatskaplike werkers in diens van nie-regeringsorganisasies (NRO’s), wat met die moeilikste probleme werk, uiters swak vergoedingspakkette ontvang. Hulle het ook nie genoegsame ondersteuningstelsels om hierdie verantwoordelike taak volgens die behoeftes en eise van die gemeenskappe te vervul nie. Ashley is van mening dat: “...hoewel statutêre dienste die verantwoordelikheid van die Staat is, word die meeste daarvan

deur nie-regerings welsynsorganisasies hanteer en ontvang hierdie organisasies weinig finansiële vergoeding of erkenning vir hierdie dienste. As daar inag geneem word dat die Staat nie eers voldoende befondsing verskaf vir generiese maatskaplike werk nie, kan daar verwag word dat hulle nie oor die fondse beskik, om vir dienste te betaal wat nog nie eers as 'n spesialisveld beskou word nie.


Pather in Potgieter(2009:10) beskryf verder die opleiding van nuwe maatskaplike werkers as lagwekkend, maar dui aan dat dit 'n baie ernstige situasie is. Volgens Pather weet maatskaplike werkers nie eers hoe om die nodige vorms in te vul nie. Pather dui verder aan dat maatskaplike werkers nie eens die basiese pligte van maatskaplike werkers geleer word nie.

In praktyk word maatskaplike werkers die 5 basiese komponente van maatskaplike werk geleer wat behels: maatskaplike gevallewerk, -groepwerk, -gemeenskapswerk, -navorsing en administrasie. Die statutêre komponent van maatskaplike werk word nie regtig in diepte bestudeer gedurende die maatskaplike werker se opleidingsjare nie. Dit is die navorser se mening dat gedurende die praktiese opleiding van die student maatskaplike werkers word hulle slegs as waarnemers aan die hof blootgestel. Maatskaplike werkers wat dan uitgaan in die praktyk na opleiding is dan nie noodwendig voldoende toegerus om statutêre dienste te kan lewer nie. As maatskaplike werkers dan nie eers weet wat die basiese komponente van statutêr maatskaplike werk is nie, hoe kan daar verwag word dat hulle weet waar begin en eindig die rol van die forensiese maatskaplike werker, wat juis 'n gespesialiseerde veld is in maatskaplike werk.

Ludwig (2007:19) het 'n studie gedoen na die opleidingsgeleenthede vir spesialiste in forensiese maatskaplike werk, maar dui aan dat: “die onderskeid tussen forensiese – en statutêre maatskaplike werk blyk nie duidelik te wees vir die respondente nie.”

Dit dui dus weens die onduidelike grensstelling tussen generiese maatskaplike werk en forensiese praktyk asook die druk wat op die generiese maatskaplike werker geplaas word om vanweë beperkte hulpbronne buite haar opleidings- en ervaringsveld te werk, bevind die generiese maatskaplike werker haarself dikwels in 'n veld waarvoor sy nie toepaslike gekwalifiseer is nie.

Weyers (2001:3) maak gebruik van die onderstaande skets om die verskil tussen 'n generiese en forensiese maatskaplike werker duidelik uit te beeld.



Skematiese voorstelling 1: Verskil tussen generiese en forensiese maatskaplike werk

Vanuit die skematiese voorstelling is dit duidelik dat forensiese maatskaplike werk 'n spesialiteitsveld binne 'n groter raamwerk binne maatskaplike werk is.

Tema 2: Leemtes wat ervaar word ten opsigte van die strafproses

Al die deelnemers het aangedui dat hulle een of ander probleem in die strafproses ervaar. Daar is vier subtemas geïdentifiseer:

❖ Die strafhof in geheel

“Landroste, prokureurs en staatsaanklaers weet nie wat forensiese maatskaplike werk behels nie.”

“...is nie goed genoeg gekwalifiseerd nie, veral om met kinders te werk, ek dink nie die howe self nie, ek dink nie staatsaanklaers is goed genoeg opgelei nie.”

Die deelnemer voeg verder by dat : *“Die mense by die howe hanteer ons nie of ons professionele mense is nie.”*

“As die kind te klein is om te getuig dan wou die landdros nie enige verslae aanvaar nie, hy het gesê dit is hoorsê. Die strafregtelike deel regtig faal die kind in die opsig dat hulle wil hê die kind moet getuig, hulle wil hê dit moet uit die kinders se mond uitkom, hulle aanvaar nie ons verslae nie en in so ‘n geval moet jy die proses van die kinderhof prosedures volg.”

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat deelnemers frustrasies ervaar in die strafhof deurdat:

- Die rol en taak van die forensiese maatskaplike werker in die strafhof is nie duidelik gedefinieër nie en veroorsaak onsekerheid by ander rolspelers in die proses, aangesien die forensiese maatskaplike werker se rol en taak buite die kennis- en ervaringsveld van die regsgeleerde val.
- Professionele rolspelers binne die strafhof, beskik nie oor die vaardigheid om met kinders te werk nie.

Kaliski (2006:1) se oogmerk met die skryf van sy boek was: “to set in motion a process whereby forensic practice become recognised as a specialised registered profession in South Africa in order to establish a standard against which to test the quality of psychological evidence presented and to contribute towards the achievement of justice in court.”

Die bogenoemde outeur dui verder aan dat deskundiges altyd moet onthou dat 'n forensiese werker se primêre funksie is om die hof by te staan in die proses van besluitneming. Dit is nie 'n deskundige getuienis se funksie om 'n saak te wen nie – dit is die prokureur wat die kliënt verdedig se taak. Alhoewel die deskundige genader en betaal word deur een party, is dit die deskundige se taak om onafhanklike bewyse te lewer sonder om bevooroordeeld te wees. Die deskundige getuie moet:

- ❖ Objektief en onpartydig wees.
- ❖ 'n Eerlike, onafhanklike en professionele opinie lewer.
- ❖ Hul integriteit behou en die waarheid vertel.

Artikel 10 van die *Children's Act, 38 of 2005* (SA, 2005) stel die vereiste vir kinderdeelname soos volg: *“Every child that is of such an age, maturity and stage of development as to be able to participate in any matter concerning that child has the right to participate in an appropriate way and views expressed by the child must be given due consideration.”*

Kinders se getuienis is in die verlede dikwels vanweë die volgende aspekte as onbetroubaar beskou:

1. Kinders se swak geheue.
2. Kinders se geneigdheid om te fantaseer.
3. Die vatbaarheid van kinders vir suggestie en beïnvloeding.

Soos reeds bespreek in die deelnemers se aanhalings, verwag howe dat kinders moet getuig en presies onthou wat gebeur het tydens insidente van misbruik. Howe verwag dan dat kinders hierdie insidente kan herroep en in formele taal deurgee aan die hof.

Een van die belangrikste funksies van die brein is om inligting te stoor. Geheue vind plaas in drie stappe, Louw, van Ede & Louw (2004:334). Die eerste stap is wanneer inligting ingewin word deur die verskillende sintuie.

Die tweede stap is dat die inligting wat ingewin is dan gestoor word in die lang- of korttermyngeheue van die kind. Inligting kan gestoor of verlore gaan. Cesi en Bruck (1995:41-42) dui aan dat daar faktore is wat beïnvloed hoe die inligting gestoor word:

- Vorige kennis van die gebeurtenis.
- Belangstelling in die gebeurtenis.
- Duur en herhaling van die gebeurtenis.
- Stresvlak tydens die gebeurtenis.

Die laaste stap is wanneer inligting herroep word. Nie alle inligting van kinderdae kan herroep word nie omrede soos die kind, ouer word verbeter sy herroepingsstrategie, Louw et al (2004:336).

Caffo, Forresi & Liewers (2011) en Sweendy (2001) dui aan dat trauma die neurobiologiese aspekte van die brein beïnvloed, wat daartoe lei dat:

- Die hippokampus se volume verminder.
- Die korteks abnormaal ontwikkel.
- Daar 'n disfunksie in die limbiese sisteem is.
- Verandering wat plaasvind in die streshormoon.

Strydom (2007:40-45) dui aan dat die limbiese sisteem, korteks en hippokampus in die voorbrein geleë is. Die voorbrein bestaan hoofsaaklik uit twee dele. Die eerste gedeelte word die serebrale korteks genoem wat 'n primêre rol in die psigiese proses soos denke, geheue, redenering en gewaarwording speel. 'n Verdere funksie van die serebrale korteks is om inligting te ontvang en te verwerk.

Die tweede gedeelte van die voorbrein is die limbiese sisteem wat bestaan uit:

- 1) Die hippokampus - wat se funksie is korttermyngeheue en leer is.
- 2) Die hipotalamus wat gesien word as die skakelbord van die brein deurdat dit lei spesifieke sensoriese impulse na verbandhoudende areas in die sentrale korteks. Die hipotalamus is ook verantwoordelik vir regulering van emosies, waterbalans, motivering, liggaamstemperatuur en seksuele funksies. 'n Verdere funksie van die hipotalamus is die regulering van die endokriene stelsel.
- 3) Die amigdala.
- 4) Die septum, beide laasgenoemde is verantwoordelik vir emosionele gedrag.

Dit is dus aanduidend dat meeste van die belangrikste dele van die brein tydens misbruik aangetas word en sodoende nie "normaal" kan funksioneer nie. Dit belemmer dus dat die kind sinvol kan getuig.

Daar is egter verdere faktore wat 'n rol speel vir kinders wat moet gaan getuig in die hof. Volgens die deelnemers beskik die hof nie oor genoegsame kennis van kinderontwikkeling nie. Dit lei daartoe dat daar onrealisties of onmoontlik verwagtings is by kinders. Hewitt (1999:14) dui aan dat die wyse waar op jong kinders misbruik beleef en stoor, word bepaal deur hul stadium van ontwikkeling.

Louwet *al.* (1998:9) dui aan dat elke persoon in geheel ontwikkel. Elke persoon is ook 'n individu en daar is verskeie aspekte wat ontwikkeling beïnvloed byvoorbeeld die kultuur van die kind, die hoeveelheid aandag wat die kind kry ensovoorts. Die bogenoemde outeur dui aan dat dit dus belangrik is dat daar afsonderlik na die verskillende terreine van ontwikkeling gekyk word, maar sonder om die geheelbeeld uit die oog te verloor. Tydens elke ontwikkelingsfase is daar ook ontwikkelingstake wat voltooi moet word.

Uit die studie blyk dit dat die grootste probleem wanneer kinders moet getuig is wanneer kinders nog jonk is. Hierop volg 'n bespreking van sekere van die ontwikkelingstake tydens die kleutertydperk (ouderdom twee tot ses jaar) voorkom, relevant tot die studie.

Volgens Erasmus (2008:32) kan taalontwikkeling gesien word as een van die belangrikste aspekte in kinders se ontwikkeling. Kind en volwassenes se gesprekke kan gekompliseerd raak weens misverstande en verkeerde interpretasies omrede volwassenes nie die kind se taalvermoë in gedagte hou nie. Schoeman (2006:30-40) dui aan dat daar is verskillende fases van kommunikasie waardeur kinders gaan, en dat die bemeestering van taal nie oornag geskied nie.

Dit is dus van kardinale belang om vas te stel watter fase van taalontwikkeling die kind in is voor vrae gevra kan word. Vanaf ouderdom twee kan kinders begin om twee woord sinne te kompeleer. Hulle verwar voorvoegsels soos *ek, hy, hulle* en *sy*. Kommunikasie in die vroeë kleuterfase kom ook verwarrend voor, omrede kleuters nie oor die vermoë beskik om 'n storie van begin tot einde klaar te vertel nie. Tussen ouderdom drie en vyf jaar begin kinders se grammatikastruktuur meer gevorder te raak en begin hulle vermoë om sinne bymekaar te sit te verbeter (Erasmus,2008: 25).

Die volgende kommunikasieprobleme kom egter voor wanneer 'n kind moet getuig in die hof:

- Tydens ondervraging kyk die ondervraer na die voorsittende beampte en nie na die kind nie.
- Ondervraging word deurentyd onderbreek weens beswaarmakings en ander prosedures.
- Besprekings oor die antwoorde wat die kind gee word in sy teenwoordigheid gedoen aan die hof.

- Die beweerde oortreder is gewoonlik in die hof (Brenann & Brenann in Erasmus, 2008:19).

Dit is dus verwarrend vir kleuters wanneer hulle in die hof moet gaan getuig deurdat hulle nie oor die nodige taalvaardighede beskik om voldoende die gebeurtenis kan verduidelik nie. Dit is verder verwarrend dat die ondervraer nie die vraag aan die kind rig en vir hom kyk as hy met hom/haar praat nie. Kinders word ontwig wanneer hulle in vry narratief “hulle storie” vertel, en dan word die inligting wat weergegee word deur die kind nog voor hom/haar bespreek. Laastens is die beweerde oortreder moontlik ook in dieselfde vertrek wat nog meer druk op die misbruikte kind plaas.

Aldrige en Wood in Erasmus (2008:11-12) asook Schoeman (2006:30-40) dui aan dat daar verdere konsepte is wat gebruik word in howe, waaroor kleuters nie beskik nie:

- Kleuters verstaan nie die konsep wanneer nie, deurdat hulle nie oor die vermoë beskik om tyd te identifiseer nie. Kinders in die kleuterfase kan dus nie sê wanneer die insident gebeur het nie. Kinders van ouderdom vyf tot ses mag moontlik kan identifiseer of dit dag of nag was en of die gebeurtenis gebeur het tydens ‘n belangrike gebeurtenis soos ‘n verjaarsdag of Kersfees plaasgevind het.
- Kinders in die kleutertydperk interpreteer die vraag waarom verkeerd. Volgens die kleuter se verwysingsraamwerk beteken die woord waarom dat hy/sy moet verduidelik waarom hulle iets gedoen het en nie wat het aanleiding tot die gebeurtenis nie.
- Kinders voor die ouderdom tien verstaan nie abstrakte konsepte soos, leun, waarheid, steeds, altyd en verduidelik iets nie. Dit lei daartoe dat daar onduidelikheid by die kind is oor wat vir hom/haar gevra is.
- Kinders voor die ouderdom tien vind dit moeilik om vrae soos “hoe” te beantwoord omrede hulle nie oor abstrakte denke beskik nie.

Dit is dus belangrik dat howe en juridiese rolspelers in gedagte hou dat jy nie van 'n tweejarige kind dieselfde kan verwag as van 'n sesjarige kind nie. Howe en juridiese rolspelers moet, soos in Artikel 7 van die *Children's Act, 38 of 2005*(SA, 2005) omskryf elke saak op eie meriete hanteer omdat elke kind uniek is. Die kind se ouderdom, vermoëns en kapasiteit moet in gedagte gehou word wanneer daar met 'n bepaalde kind gewerk word.

❖ **Administrasie van die strafproses**

Slegs een deelnemer het aangedui dat hulle 'n probleem met die administratiewe deel van die strafhof ervaar. Hierdie deelnemer word op 'n gereelde basis na die hof gedagvaar om deskundige getuienis te lewer.

“Die staat dagvaar ons, hulle geld is nie in plek nie. Hulle haal my vir die hele dag uit my praktyk uit, ek moet vir argumentsonthalwe Lydenburg toe ry en dan sukkel ek om my geld uit hulle te kry. Hulle het geen begrip waarom dit gaan nie, of hulle laat my twee dae daar sit (by die hof) en dan verstaan hulle nie dat jy vir twee dae nie geld verdien nie en dan sê hulle vir jou daar is nie geld om vir jou mee te betaal nie.”

Die Staat se gebrek aan finansiële vergoeding vir deskundige getuies soos die forensiese werker bring mee dat hulle frustrasie met die administratiewe komponent van die Strafhof ervaar. Meyers, Berliner, Briere, Hendrix, Jenny & Reid (2002:xiii) dui aan dat die gebrekkige politieke en finansiële verbinding vanaf die regering, ernstige probleme meebring.

Dit wil voorkom asof die gebrek aan infrastruktuur om wetgewing doeltreffend te implimenteer asook gebrekkige staatsfondse frustrasie vir deskundige getuies tot gevolg het.

❖ **Prokureurs wat strafsake hanteer**

Twee deelnemers het aangedui dat hulle frustrasie beleef met sommige van die prokureurs wat in strafsake namens die beskuldigde optree.

“ In die Laeveld is die prokureurs baie swak opgelei rondom wat ‘n forensiese ondersoek behels.”

“Landdroste en prokureurs weet nie wat forensiese maatskaplike werk behels nie.”

Vanweë die feit dat forensiese maatskaplike werk ‘n nuwe spesialiteitsveld is wat ook buite die ervaringsveld van die regsverteenvoerder lê, stel hulle dikwels onredelike versoeke en eise aan die forensiese maatskaplike werker. Kaliski (2006:1) dui aan dat maatskaplike werkers en prokureurs is soos getroude pare wat sukkel om mekaar te verstaan ten spyte van die feit dat hulle afhanklik is van mekaar. Kaliski dui verder aan dat hy die boek skryf met die hoop dat persone in spesialiteitsvelde verstaan wat prokureurs regtig verwag van spesialiste.

Barker en Branson (2000:4) voeg by dat ‘n doel van die forensiese maatskaplike werk is om mense in die regsisteem optelei oor die regsaspekte van forensiese maatskaplike werk. Die forensiese maatskaplike werker behoort die regsisteem in te lig met betrekking tot hoe hulle mekaar kan ondersteun en aanvul.

Die bogenoemde outeurs is van mening dat maatskaplike werkers hulle kennis met betrekking tot die regsisteem moet opskerp. Maatskaplike werkers moet weet watter wette in plek is, wanneer bestaande wetgewing verander, hoe wetgewing geïnterpreteer en tot uitvoer gebring word. Maatskaplike werkers moet oor ‘n groter kennis van die algemene regsproses, regspraktyk asook werking van die hof, hofkamers en hofkantore beskik. Maatskaplike werkers moet dus hul kennis rakende die verskillende rolle van die verskillende professionele rolspelers binne die

hofopset soos byvoorbeeld die staatsaanklaer, die regter/voorsittende beampte asook die ander regslui soos prokureurs en advokate, opskerp en uitbrei.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat maatskaplike werkers meer ingelig behoort te wees rondom proseduriële korrektheid wat met strafregtelike vervolging verband hou en dat hul op grond van hul kennis daarop moet aandring dat die regte prosedures gevolg word ten einde te verseker dat 'n saak suksesvol vervolg word en nie net uit die hof gegooi word op tegniese punte nie. Die noodsaaklikheid van spesialis opleiding word weereens beklemtoon.

❖ **Staatsaanklaers en ondersoekbeamptes**

“Ek het al baie ondersoekbeamptes of staatsaanklaers gekry wat regtig naïef is, hulle weet nie regtig wat hulle moet doen nie, ons moet regtig heeltyd vir hulle verduidelik. Ek het al baie belaglike vrae gekry waar ek vir 'n halfuur ondervrae word oor iets wat heeltemal irrelevant is, maar 'n mens probeer dit maar hanteer en dit vir hulle op 'n makliker manier te stel.”

“Behalwe dat jy party ondersoekbeamptes of aanklaers kry wat nie regtig verstaan wat 'n mens se rol is nie.”

Uit die bogenoemde blyk dit duidelik dat Staatsaanklaers en Ondersoekbeamptes onseker is oor wat die funksie van die forensiese maatskaplike werker in die hof is. Barker en Branson (2000:15) dui aan dat forensiese maatskaplike werk 'n onderontwikkelde spesialiteitsveld sal bly tot praktisyns leer waaroor die spesialiteitsveld gaan.

Volgens Barker en Branson (2000:23) is dit uiters noodsaaklik dat die forensiese maatskaplike werkers hulself deeglik bemark. Slegs met deeglike bemarking sal hierdie tot nog toe onbekende spesialiteitsveld wyer bekend word en sal forensiese maatskaplike werkers deur prokureurs en ander regslui sinvol benut kan word.

Dit is vanuit bogenoemde duidelik dat daar 'n tekort bestaan aan inligting met betrekking tot wat forensiese maatskaplike werk behels. Dit is belangrik dat forensiese werkers by die gemeenskap wat hul bedien inskakel en nie net hulself bemark nie, maar ook die gemeenskap inlig rondom die spesifieke rol en taak van die forensiese werker. Skakeling tussen die maatskaplike werker en prokureur ten einde mekaar se rolle asook wedersydse verwagtinge te klarifiseer is uiters noodsaaklik vir die bevordering van hierdie spesialiteitsveld binne maatskaplike werk.

Tema 3: Leemtes wat ervaar word ten opsigte van die *Children's Act*

Hierdie tema is bygewerk omdat die deelnemers van mening is dat die strafproses die kind indirek faal en hulle dan daarom genoodsaak word om die Kinderhof te nader ten einde die kind te beskerm.

“Op die huidige stadium is die manier, die aanbevelings, of die bevel wat die Kinderhof gee, uitgebrei, maar dit is nog nuut, so hulle het nog nie lekker hulle voete gevind om te sê dis reg ons kan so of so bevel maak nie, hulle is nog gewoond aan die ou manier, so ja dit sukkel.”

“Daar is baie keer dubbel rolle veral die Kinderhof het baie keer 'n ander maatskaplike werker betrokke, so jy moet regtig vir die Kinderhof kan verduidelik waar jou werk stop en waar hulle aangaan.”

“Ek dink ons Kinderhof se grootste probleem is gebrek aan mense wat saam met ons moet werk, jy weet die maatskaplike werkers is baie min, hulle wissel baie, hulle is altyd “understaffed”- dit is jou probleem. Ek vind ook dat by jou howe is dit ook so, jy het gewoonlik een persoon wat daardie tipe sake doen, baie keer kom jy op die dag daar aan en jy vind dat daardie persoon is nie beskikbaar nie, en dan sit daar iemand wat dit nog nooit gedoen het nie, dit is 'n ander ding waar jy die situasie het waar daardie hof net daardie goed doen. Hulle bou ervaring oor die jare op, maar dit

is eintlik 'n ou wat gister vir 'n strafhofsaak verhoor het, en dan vandag 'n kinderhof saak moet verhoor. Ek dink net dat op papier, wat beoog is om te doen, is baie positief en ek dink dat as ons elkeen van hierdie kinders op die regte manier deur die Kinderhof kon kry, met die regte persone en die regte tyd en sisteem, op papier sou hierdie ding baie goed werk, maar in die praktyk werk dit nie so nie."

Die *Children's Act, 38 of 2005* (SA, 2005) is op 1 April 2010 in werking gestel. Die suksesvolle implimentering van die *Children's Act* word ernstig deur die volgende faktore gestrem:

- Die nodige infrastruktuur ontbreek om hierdie wet ten volle in werking te stel.
- Die finansiële implikasies wat met die implimentering verband hou, is onbereikbaar groot. Dit wil nie voorkom asof die Staat in hul begroting hiervoor voorsiening gemaak het nie. Vergoeding vir dienste wat deur deskundiges gelewer word, is uiters beperk en is ontoepaslik omdat dit nie die tyd, kundigheid en kostes reflekteer nie.
- Baie min maatskaplike werkers asook ander rolspelers het tot op datum opleiding in die nuwe *Children's Act* ontvang.
- 'n Tekort aan maatskaplike werkers om die bepalings van die Wet, soos deur die wetgewer bedoel, tot uitvoering te bring.

October (2010:1) dui aan dat die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Edna Molewa, erken het dat daar kapasiteitsbeperkings is, wat die toepassing van bepalings in die *Children's Act* kan strem. Hierdie beperkings is 'n groot frustrasie, deurdat dit dan die suksesvolle toepassing van die genoemde wet kan belemmer.

Theron in Potgieter(2009:12) wat ongeveer 23 jaar in die praktyk was en toe gehelp het om die nuwe *Children's Act* te ontwikkel dui aan dat: "Die wet omvat alle aspekte van kinderbemagtig en -beskerming. Nou moet ons net geld kry om daardie wet te kan implementeer." Soos reeds bespreek is finansiële ondersteuning vanaf die departement aan nie-regerings-organisasies beperk. Dit beteken dat meer as een maatskaplike werker verantwoordelik is vir 'n groot bedieningsarea. Daar is 'n groot tekortkoming aan die nodige finansies om die *Children's Act* suksesvol te kan

implimenteer. Meier *et al.* (2002:307) dui aan dat in agtergeblewe areas is daar baie keer een Regter wat aangestel word vir twee of drie werksareas/dorpe. Dit lei daartoe dat mense lang afstande moet aflê, en die hof oorlaai is met werk.

Tema 4: Leemtes wat ervaar word met maatskaplike werkers in privaatpraktyk

Twee deelnemers het aangedui dat hulle leemtes met maatskaplike werkers in privaatpraktyk ervaar:

"...geweldige, ek dink 'n professionele jaloesie, so dit is half die ding van, amper soos professionele wantroue."

"Daar is soms meningsverskille."

Osborne (2010:1) dui aan dat jaloesie tussen kollegas baie algemeen is, veral die wat baie in die publieke oog is. Sy voeg by dat die groen oog monster ook in algemene werksplekke voorkom, maar dat dit baie destruktief kan wees binne werksverband. Sielkundige, Williams in Osborne (2010:1) is verder van mening dat wanneer kollegas in 'n posisie is wat 'n ander kollegas begeer, byvoorbeeld 'n beter werkstitel, beter werkspakket, voel mense benadeel en jaloers in plaas daarvan dat hulle dit vir hulle gun of gekyk word hoe die persoon die beter posisie beklee het.

Vanuit die bogenoemde kom dit voor of profesionele persone 'n tekort het aan emosionele intelligensie. Cherry (2011) verwys in haar artikel na Peter Salovey and JohnD. Mayer se definisie van emosionele intelligensie as: "the subset of social intelligence that involves the ability to monitor one's own and others' feelings and emotions, to discriminate among them and to use this information to guide one's thinking and actions"

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat sommige professionele persone 'n tekort het aan emosionele intelligensie het. Dit gee daartoe aanleiding dat hulle emosioneel onvolwasse is. Professionele persone vergeet soms dat, wanneer daar met kinders gewerk word, dit belangrik is om nie op die persoon self as sulks te fokus nie, maar op die beste belang van die kind soos in Artikel 7 en 9 van die *Children's Act, 38 of 2005*(SA,2005)omskryf.

Tema 5: Leemtes wat ervaar word met sielkundiges in privaatpraktyk

Drie van die vyf deelnemers aan die navorsingsondersoek het aangedui dat hulle 'n leemte ervaar ten opsigte van sielkundiges in privaatpraktyk.

"...goed opgeleide sielkundiges, maar nie altyd in forensiese werk nie en as gevolg daarvan kry jy swak verslae, jy kry baie van die ouens wat nie die regte protokolle volg rondom die objektiviteit en daardie goed nie. Ek kry nogal geweldig baie sielkundige verslae waar ek regtig voel die prokureur en hierdie persoon het saam gewerk, jy weet die persoon het nie die goed objektief gedoen nie, of dat ek voel die persoon het nie regtig die kwalifikasie gehad of nie by die gevolgtrekkings gekom deur genoeg inligting in te win nie."

Kaliski (2006:2) dui aan dat meeste professionele persone in Suid Afrika wat assesserings doen en in die hof getuig, ongelukkig nie oor die nodige kwalifikasie of ondervinding beskik nie. Baie professionele persone dui aan dat hulle die nodige ondervinding het, maar hulle besef nie dat hulle nog altyd verkeerd gepraktiseer het, en steeds aangaan om dit so te doen nie.

"Baie probleme met die sielkundiges, veral ons opvoedkundige sielkundiges wat veral vir jare lank weet 'n kind word misbruik en dit net nooit aanmeld nie. Wanneer die kind dan betrokke raak in 'n hofsaak dan is jou inligting so gekontamineer. Baie keer skryf hulle ook vir die ouers voor om nie 'n saak te maak nie en die kind mag nie weer gesien word nie. So daar is baie kontaminasie van inligting veral omdat hulle ook probeer terapie doen en dan is die hele geheueproses is dan klaar

benadeel. Hulle is ook nie baie sterk met samewerking teenoor die hof nie so ek en die hof is baie meer negatief teenoor jou sielkundiges, jy kry individue wat puik is, maar die meeste kontamineer die inligting, so dit is 'n groot probleem."

Vanuit die bogenoemde deelnemer se respons is dit duidelik dat sielkundiges in privaatpraktyk meer skade doen as om van hulp te wees in die forensiese proses. Orbach & Esplin (2009:1) noem in hierdie verband die volgende: "In many cases, inappropriate interview techniques appear to have compromised and contaminated the children's testimony, rendering it flawed and unreliable."

Die volgende deelnemer se respons ondersteun hierdie stelling en dit word soos volg weergegee:

"Hulle verstaan nie wat forensiese werke behels nie, staan dit eerder teë as om saam te werk."

Een van die deelnemers noem ook dat baie van die sielkundiges ook vir jare kennis dra van misbruik, maar dit nooit aanmeld nie. Die *Criminal Law, Sexual Offences and related matters, Amendment Act, 32 of 2007* (SA, 2007) stipuleer duidelik dat enige vermoede na seksuele misbruik moet aangemeld word by die polisie. Indien vermoede of kennis van misbruik nie aangemeld word nie, is die persoon wat kennis dra van die moontlike misbruik net so skuldig soos 'n persoon wat die kind misbruik.

Vir die doel van hierdie studie is dit nodig om onderskeid te tref tussen die rol van die sielkundige en die forensiese maatskaplike werker. Faller (2007:5) dui 'n duidelike verskil tussen die rol van die sielkundige en die rol van die forensiese werker. Die sielkundige sien die kind as die kliënt, sy werk terapie met die kind en is ondersteunend. Die sielkundige is gefokus op subjektiewe ervarings en onderhoud is minder gestruktureerd. Gedurende onderhoud mag die sielkundige gebruik maak van lydendevrae. Kinders kan ook gebruik maak van fantasie. Notas word geneem gedurende die sessies. Sielkundiges nader soms kollaterale bronne. Die

hoeveelheid sessies word bepaal deur die behoefte van die kind waarna 'n kort verslag opgestel word.

Die forensiese maatskaplike werker se kliënt is die hofsisteem. Die onderhoudvoerder se standpunt is neutraal, werk regs-gewys en fokus slegs op feite. Onderhoude is gestruktureerd, daar word geen gebruik gemaak van lydende vrae of fantasie nie. Onderhoude word op band opgeneem. Sessies is beperk. Kollaterale bronne word opgevolg waarna 'n volledige gedetailleerde verslag geskryf word.

Dit is dus duidelik dat daar 'n verskil is in die rol van die sielkundige en die forensiese maatskaplike werker en die grootste verskil is wie die kliënt is.

Tema 6: Leemtes wat ervaar word met die Polisie

Die meerderheid van die deelnemers dui aan dat hulle frustrasie rondom die polisie beleef.

“Ek weet in die breedte en baie ouens sal vir jou sê dat by jou klein polisiestasies is baie keer jou frustrasies soos hulle neem swak verklaring af, hulle doen nie wat hulle moet doen nie, amper die administratiewe goed. Die mense sit en eet en hulle gee nie vir my aandag nie of ek is gemolesteer en ek kom daar en daar is geen ‘support system’ nie. Ek weet al daardie goed is probleme, maar ek persoonlik het min frustrasie daarmee, want ek werk min daarmee.”

“Die polisie is ‘n militêre instelling, en hulle erken nie regtig jou professionele mense nie. Soos ek sê die bestuur het geen ideë nie, maar die ondersoekbeamptes het ‘n meer positiewe ingesteldheid, omdat jy hulle meer help met hulle ondersoek in sake, maar ek dink daar is nie begrip nie en ek weet nie of daar begrip wil wees nie.”

“Die polisie verstaan nie altyd wat forensiese werk/-assessering behels nie en gee nie die nodige samewerking nie.”

“Nie opgelei om mense te help by stasies nie. Weet nie hoe om ‘n verklaring te neem nie, kan nie mense in hulle eie taal akkomodeer nie. Skryf verkeerde datums op verklarings en ‘dockets’. Onbehulpsaam en onkundig.”

Wye navorsing kon geen positiewe resultate ten opsigte van bestaande bronne, wat frustrasie met die polisie binne forensiese praktyk aanspreek, oplewer nie.

Die navorser beskou die gebrek aan die nodige literatuur in hierdie verband nie as ‘n leemte in die navorsing nie, maar eerder as ‘n aspek vir groei waar nuwe kennis tot die reeds bestaande navorsing toegevoeg kan word.

Tema 7: Leemtes wat ervaar word binne werksverband

Slegs ‘n enkele deelnemer die navorsingsondersoek het aangedui dat sy ‘n frustrasie op hierdie gebied beleef.

“My supervisor waar ek gewerk het in ‘n voltijdse pos het nie geweet van forensiese werk behels nie.”

Die bogenoemde deelnemer dui aan dat haar supervisor se ervaringsveld beperk is ten opsigte van forensiese maatskaplike werk en dat sy as forensiese maatskaplike werker nie kon staatmaak op sinvolle praktykleiding vanaf haar supervisor nie.

Skidmore (1983:214), Kadushin (1992:19) en Abrahams & Renolds (2011:242) dui aan dat supervisie reeds vanaf die vroegste tye in maatskaplike werk ‘n basiese komponent van beide opvoedkundige sowel as maatskaplike werk praktyk vorm. Dit word gesien as een van die unieke komponente van maatskaplike werk en word in die algemeen positief aanvaar. Die doel van supervisie binne maatskaplike werk is

om die maatskaplike werkers deurlopend te help om hulle kennis en vaardighede so effektief moontlik toe te pas.

Abrahams en Renolds (2011:242) ondersteun die bogenoemde en voeg by dat evaluering van maatskaplike werkers deur 'n supervisoreen van die belangrikste funksies van maatskaplike werk is, deurdat dit 'n deurlopende proses behoort te wees wat noodsaaklik is vir effektiewe uitvoering van hulle werksfunksie. Maatskaplike werk supervisie dra ook by tot professionele ontwikkeling van die maatskaplike werker. Terugvoering wat die supervisor aan die maatskaplike werker dra by tot:

- ❖ Bewusmaking van die kwaliteit van die maatskaplike werker se werkslading.
- ❖ Bewusmaking van die maatskaplike werker se leemtes wat aandag benodig.
- ❖ Positiewe versterking deurgee vir areas waar goeie werk gelewer is.

Supervisie kan net sinvol wees indien die Supervisor wat aan die forensiesemaatskaplike werker supervisie moet bied, oor die nodige spesialiteitskennis in hierdie veld beskik. Die supervisor van die generiese maatskaplike werker sal nie sinvolle leiding aan die forensiese maatskaplike werker kan bied nie vanweë die feit dat haar kennis en ervaring in hierdie spesialiteitsveld beperk is.

Tema 8: Leemtes wat ervaar word ten opsigte van professionele kwalifikasies
--

Twee deelnemers het op hierdie gebied leemtes ervaar.

"...grootste frustrasie is as iemand dit doen wat nie reg gekwalifiseer is om dit te doen nie en dan maak hulle droog. Hulle neem aan dat die kind misbruik is en dan is dit nie so nie, en dan skep dit geweldige probleme. Om kort te sê my grootste frustrasie is, om te sien daar is mense wat hulle in die veld begewe sonder genoeg

opleiding.” Die deelnemer het ook bygevoeg dat daar nie in Suid-Afrika ‘n eenvormige standaard is waaraan almal moet voldoen nie. Met die gevolg dat enige persoon forensiese assesserings kan doen. Verder is daar genoem dat daar ‘n professionele liggaam moet wees wat toesig hou oor die etiese verantwoordelikheid en gedrag van die forensiese werkers – hetsy maatskaplike werkers of sielkundiges.

’n Ander deelnemer voeg by dat opleiding noodsaaklik is en stel dit soos volg: “...*ek sou net regtig graag die versekering wil hê dat die mense regtig so goed opgelei is en dat hulle regtig die ervaring en die kennis het om te doen wat hulle doen.*”

Scheepers (2008:27-28) dui aan dat maatskaplike werkers nie oor die nodige kennis en kundigheid beskik om in die hof op te tree as deskundige getuies nie. Dit kan ook die rede wees waarom die hof nie maatskaplike werk altyd as ‘n volwaardige professie beskou nie.

Scheepers (2008:39-40) beveel aan dat:

- ❖ “Forensiese maatskaplike werk moet as ‘n spesialisveld by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepes geregistreer word.
- ❖ Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepes moet van ‘n applikant wat wil registreer as ‘n forensiese maatskaplike werker, verwag om ‘n toelatingseksamen te slaag en bewyse te lewer van na-graadse opleiding in ‘n spesifieke maatskaplike veld in die professie maatskaplike werk. Professionele maatskaplike dienslewering aan die gemeenskappe van Suid-Afrika sal só verseker word.
- ❖ Kriteria moet saamgestel word waaraan ‘n maatskaplike werker moet voldoen alvorens hy/sy kan registreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepes as ‘n forensiese maatskaplike werker.”

Barker en Branson (2000:28) dui aan dat die professionele assosiasie van deskundige getuies dieselfde doel as ander professionele assosiasies voor oë het. Die doel is nie net om ‘n hoë standaard onder hulle lede te handhaaf nie, maar ook

om vir die lede die geleentheid te gun om hul kennis en ervarings met mekaar te deel.

Huidig is die SACSSP besig met ondersoek na forensiese maatskaplike werk as 'n spesialiteitsveld. Dit gaan egter nie persone, wat nie oor die nodige kwalifikasie beskik nie, keer om steeds as forensiese werkers te praktiseer nie.

Tema 9: Leemtes wat ervaar word in opleiding

Al die deelnemers het met die opleidingsaspek van forensiese werkers 'n leemte beleef.

“Daar was min prakties, so ek sal sê dit is 'n leemte in daardie kursus.”

Twee van die deelnemers het genoem dat daar slegs “rollespel en'n praktiese eksamen” was, wat deel uitgemaak het van die kursus.

“Ek vind gewoonlik as hierdie kursuse sê dat dit het prakties by, dan gaan dit oor bespreking of oor groepwerk - waar 'n mens nie noodwendig die ding gaan doen nie. Daar word meer met mekaar gepraat oor probleme wat jy ondervind en dit is eintlik meer groeibespreking.”

“Baie basies, ons het maar rollespelle gedoen in die klasopset, maar nie vreeslik baie nie. Baie van die goed wat ons daar geleer het, kan ek nie in my werk gebruik nie. Jy het ook nie daardie lang tyd om soveel sessies te hê nie, jy het regtig 'n kort tyd.”

Al die deelnemers in die studie het aangedui dat hulle die behoefte het aan meer praktiese opleiding. Dit wil voorkom asof kursus inhoude praktiese werk insluit, maar

dat die praktiese werk in werklikheid groepsbesprekings behels. Dit bied dan nie die “leerders” die geleentheid om self prakties te leer hoe om forensiese assesserings toe te pas nie.

Staden, Hugo, Rooyen & Delft (1989:320) dui aan dat praktykopleidig omskryf kan word as die leerproses waarvolgens ‘n student deur ‘n praktykopleier onderrig word hoe om die teorie en praktyk te integreer en hul vaardighede te ontwikkel. Voordele van praktiese opleiding is:

- ❖ Die student kry die geleentheid om sy teoretiese kennis in die praktyk toe te pas.
- ❖ Dit bied die student die geleentheid om kontak met die kliënt te maak.
- ❖ Dit help met opleiding deurdat dit die student praktyk gereed te maak.
- ❖ Die student kry die geleentheid om ervaring in die praktyk op te doen.
- ❖ Die student doen praktiese ervaring binne spesialiteitsvelde op en ontvang ‘n deeglike oriëntasie ten opsigte van praktykrealiteit.
- ❖ Die student word in staat gestel om ‘n sinvolle besluit te maak met betrekking tot die keuse van ‘n spesialiteitsveld.

Die student doen merkwaardige ondervinding op, wat hom sal help en voorberei op sy/haar suksesvolle toetreding tot die beroep. Ludwig (2007:34) dui aan dat daar gepoog moet word om meer praktiese werk asook inoefeningsgeleenthede behoort te wees om die balans tussen die teorie en praktyk te bewaar.

Tema 10: Tekort aan navorsing

‘n Enkele deelnemer het aangedui dat sy op hierdie gebied ‘n leemte ervaar.

“...ek dink die navorsing, ons het so min navorsing in die land wat ‘n groot leemte is. Ek het eintlik van oorsee af gekry net om die navorsing en die goed bietjie meer op te lees, want veral in die hof moet jy jou wetenskaplike agtergrond hê, en dit is baie

moeilik want ons het nie baie in die land nie, maar verder is dit 'n baie lekker en opwindende veld om in te wees."

Vanuit die studie was dit aanduidend dat literatuur binne 'n Suid-Afrikaanse konteks beperk is. Daar is relatiewe min skrywers in Suid Afrika wat tot huidig boeke gepubliseer het oor forensiese werk.

Volgens professor Wessels (2011) van die Noordwes-Universiteit Potchefstroom Kampus bestaan daar tans geen nagraadse kwalifikasie op M-Vlak in forensiese maatskaplike werk in Suid-Afrika nie. Professor Wessels dui aan dat: "Baie min navorsing is tot nog toe, binne die Suid-Afrikaanse konteks, op die gebied gedoen." Deur maatskaplike werkers in spesialiteitsvelde op te lei skep dit geleenthede vir nuwe navorsing binne die Suid Afrikaanse konteks.

Die navorser het tydens die navorsingsondersoek self 'n leemte op hierdie gebied ervaar, deurdat sy beleef het dat literatuur oor die onderwerp van die navorsingsondersoek asook ondersteunende literatuur beperk is en dus haar globale benutting van literatuur negatief gestrem het.

8. GEVOLGTREKKING

Forensiese maatskaplike werk binne die Suid-Afrikaanse konteks is 'n nuwe spesialiteitsveld in maatskaplike werk. Vanweë die feit dat dit 'n nuwe en onbekende terrein is, is bestaande literatuur beperk. Na-graadse studente ervaar aansienlike probleme met die bekom van toepaslike literatuur wat hierdie studieveld toelig. Die beperktheid van literatuur het aanleiding gegee tot hierdie navorsingstudie oor die leemtes in die assessering van die seksueel misbruikte kind deur die forensiese maatskaplike werker.

Al hoe meer kinders in Suid-Afrika word aan seksuele misdade blootgestel, as gevolg van toenemende sosiale en maatskaplike probleme in gemeenskappe. As

gevolg hiervan is daar 'n toenemende aanvraag na forensiese maatskaplike werkers en bied hierdie veld groot uitdagings as 'n spesialisgebied binne maatskaplike werk.

Nuut ontwikkelde wetgewing en konstante verandering van bestaande wetgewing, vereis al hoe meer die dienste van 'n forensies maatskaplike werker as deskundige getuie.

Statutêre ingryping en betrokkenheid by die lewe van kinders is reeds vir jare deel van die generiese maatskaplike werker se taakoms krywing. Die onduidelike skeidslyn tussen generiese maatskaplike werk en forensiese maatskaplike werk bring mee dat die generiese maatskaplike werkers, forensiese take verrig ten spyte van die feit dat hulle nie altyd oor kennis en vaardigheid beskik wat hierdie spesefieke spesialiteitsdiensveld van hul vereis nie.

Hierdie optrede van die generiese maatskaplike werker het 'n daadwerklike invloed op die forensiese maatskaplike werker. Howe en regslui is soms huiwerig om van die forensiese maatskaplike werker se dienste gebruik te maak, as gevolg van vorige negatiewe ervarings met generiese maatskaplike werkers (wat weens onkunde en 'n tekort aan deskundiges, hulself op 'n veld begewe het, waar hul nie oor genoeg kennis beskik het nie). Om hierdie rede word die forensiese maatskaplike werker se getuienis met wantroue beleef en nie onvoorwaardelik aanvaar nie.

Verskeie belangrike rolspelers is onkundig rakende die spesifieke rol en taak van die forensiese maatskaplike werker. Regsgeleerdes se opleiding sluit nie kennis rakende die ontwikkelingsfase van die jong kind in nie. Die onvermoë van regslui om die verband tussen die twee aspekte te trek, bring mee dat die kindergetuie asook die forensiese maatskaplike werker dikwels in die hof aan onmenslike spanning blootgestel word. Die howe se verwagting van die kind en forensiese maatskaplike werker is dikwels onrealisties en belemmer beide partye se getuienis.

Die gebrek aan 'n duidelike omskrywing van die rol en taak van die forensiese maatskaplike werker asook die professionele liggaam se versuim om duidelike riglyne vir opleiding asook die registrasie van forensiese maatskaplike werkers daar te stel gee aanleiding daartoe dat enige persoon hulself as 'n deskundige kan uitleen. Dit hou definitiewe gevare vir die forensiese veld in deurdat die beeld van die forensiese maatskaplike werker afgetakel, geminimaliseer en gediskrediteer word.

9. AANBEVELINGS

- ❖ Die verskeie spesialisvelde in maatskaplike werk moet duidelik en omvattend gedefinieer word ten einde enige verwarring met betrekking tot dié spesialiteitsveld te beperk.
- ❖ Tersiêre instelings se kurrikulum moet só ontwikkel word dat dit intensiewe en omvattende teoretiese en praktiese opleiding aan die forensiese maatskaplike werker bied.
- ❖ Suid-Afrikaanse raad vir diens beroepe (SACSSP) moet nou 'n duidelike riglyn vir opleiding en registrasie van forensiese maatskaplike werker formuleer en inwerking stel ten einde enige verdere aftakeling van die forensiese maatskaplike professie te verhoed en te bekamp.
- ❖ 'n Addisionele Professionele liggaam waarby forensiese maatskaplike werker kan affilieer ten einde ondersteuningsdienste soos spesialiteits supervisie te ontvang, moet in die lewe geroep word.
- ❖ Voortgesette verpligte opleidingsgeleenthede moet aan praktiserende forensiese maatskaplike werkers gebied word ten einde te verseker dat hulle op hoogte bly van nuwe ontwikkelinge, wetgewings en tegnieke in hierdie spesialiteitsveld.
- ❖ Strafhofpersoneel behoort die geleentheid gebied te word om te spesialiseer. Spesialisering sal intensiewe opleiding rakende die kind se ontwikkelingsfases asook die rol en taak van die forensiese maatskaplike werker moet vervat. Slegs regslui wat gespesialiseerd is, moet toegelaat word om in strafhowe waarby kinders betrokke is, diens te doen.

10. SAMEVATTING

Die navorser het die studie onderneem ten einde te bepaal wat die leemtes is wat praktiserende forensiese maatskaplike werkers ervaar in die assessering van die seksueel misbruikte kind.

Daar is aan die hand van 'n empiriese ondersoek uitgewys dat professionele persone wat kinders, forensies assesseer, bepaalde leemtes in die praktyk ervaar. Die oorhoofse doel van hierdie ondersoek was om vas te stel watter leemtes maatskaplike werkers in die praktyk ervaar, wanneer hulle kinders forensies assesseer. Die volgende leemtes was geïdentifiseer:

- ❖ Binne die breër welsynsstruktuur. Daar is 'n groot tekort aan opgeleide maatskaplike werkers.
- ❖ Onkunde binne die strafproses is 'n groot leemte.
- ❖ Veranderde wetgewing en tekort opgeleide personeel om dit in praktyk tot uitvoering te bring.
- ❖ Professionele jaloesie ten opsigte van maatskaplike werkers in die diensveld van forensiese maatskaplike werk.
- ❖ Verwarring van rolle ten opsigte van terapeut en forensiese werker, waar dit die rol van die sielkundige in forensiese assesserings raak.
- ❖ Tekort aan literatuur ten opsigte van die rol van die polisie in forensiese ondersoeke is die grootste leemte.
- ❖ Supervisors beskik self nie altyd oor voldoende opleiding om aan hul werkers die nodige leiding en supervisie te bied ten opsigte van forensiese ondersoeke nie.
- ❖ Opleiding is nie gestandaardiseer nie en die praktiese komponent is nie voldoende nie.
- ❖ Daar is 'n tekort aan navorsing binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat daar binne die Suid-Afrikaanse konteks 'n tekort aan navorsing is op die gebied van forensiese maatskaplike werk. Onkunde van dienslewerende beroepe lei tot wanpersepsies van die rol van die

forensiese maatskaplike werker. Die belangrikste aanbeveling van hierdie ondersoek is dat dit nodig is om forensiese maatskaplike werk geregistreer te kry as 'n spesialisveld, wat gaan behels dat maatskaplike werkers aan spesifieke vereistes moet voldoen, voordat hul kan registreer as 'n forensiese maatskaplike werker. Dit gaan beteken dat nie alle maatskaplike werkers kan registreer nie, met die voordeel dat dit meer waarde gaan toevoeg aan die professie van beide forensiese sowel as generiese maatskaplike werk. Voortdurende opleiding is ook noodsaaklik.

BIBLIOGRAFIE

ABRAHAMS, E. & RENOLDS, C. 2011. Prestasiebeoordeling as Funksie van Maatskaplike Werksupervisie. *Maatskaplike werk /Social work*, 42(2):242 June.

ANONIEM 1. 2005. A Needs Assessment for a Management Training Programme for Staff Offices and Area Managers in the South-African National Defences Force (SANDF) Social Work Directorate. *Maatskaplike werk / Social work*, 41(1):17, Maart.

ANONIEM 2.2011. Qualifications for Professional social work.
http://en.wikipedia.org/wiki/Qualifications_for_professional_social_work. [Datum van gebruik : 20 Julie 2011]

ANONIEM 3. 2011. Tradepoint. <http://www.tradepoint.org/index.php?id=3111>. [Datum van gebruik : 6 September 2011].

AUCAMP, L. 2010. MWKF876. Potchefstroom: NWU. P7 (Power Point).

BABBIE, E.R. & RUBIN, A. 2005. Research Methods for Social Work. USA : Thompson Brooks/Cole.

BAILEY, C. 2009. Insight Child Abuse is a Specific Crime. Saturday Star:15, June. 6.

BARKER, R.L. & BRANSON, D.M. 2000. Forensic social work: legal aspects of professional practise. New York : The Haworth Press.

CAFFO, E. FORRESI, B. & LIEVERS, L.S. 2011. Impact, Psychological Consequences and Management of Trauma : Neurobiological Effects and Psychophysiological Correlates. http://www.medscape.com/viewarticle/507657_3. [Datum van gebruik : 13 Oktober 2011].

CECI, S.J. & BRUCK, M. 1995. Jeopardy in the Courtroom : A scientific analysis of children's testimony. Washington : American Psychological association.

CHERRY. 2011. Emotional Intelligence: Phsycology Definition of the Week. http://psychology.about.com/od/personality_development/a/emotionalintell.htm). [Datum van gebruik : 25 Julie 2011].

DELPORT, C.S.L & ROESTENBURG, W.J.H. 2011. Quantitative datacollection methods:indexes and scales.(*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delpont, C.S.L. (ed). Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed.p.206-221).*

ERASMUS, R. 2008. An Evaluation of the Questions posted to Child Witnesses in Court to determine whether they are developmentally appropriate. Port Elizabeth : Nelson Mandela Metropolitan University. (Skripsie-MA)

FALLER, K.C. 2007. Interviewing children about sexual abuse. New York : Oxford University Press, Inc.

FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delpont, C.S.L. (ed). Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. p.133-141).*

GRINNELL, R.M. & UNRAU, Y.A. 2008. Social work research and evaluation: Foundations of Evidence-Based Practice. USA : Oxford University Press.

HERMAN, S. 2009. Forensic Child Sexual Abuse Evaluations: Accuracy, Ethics, and Admissibility. In The Evaluation of child sexual abuse allegations, Edt Kuehnle, K. & Connell, M. John Wiley & Sons, Inc. : New Jersey.

HEWITT, SK. 1999. Assessing Allegations of Sexual Abuse in Preschool Children. USA: Sage Publications, Inc.

HPCSA. 2011. The Professional Bord for Pshychology Health Professions Council of South Africa Guidelines and Application form.http://www.hpcsa.co.za/downloads/psychology/form_91_revised.pdf. [Datum van gebruik : 3 Oktober 2011].

KADUSHIN, A. 1992. Supervision in Social Work.USA:Columbia University Press.

KALISKI, S. 2006. Psycholegal Assessment in South Africa. Cape Town: Oxford Universaty press.

LAMB, M.E., HERSHKOWITZ, I., ORBACH, Y. & ESPLIN, P.W. 2009. Tell me what Happened: Structured Investigative Interviews of Child Victims and Witnesses. London : Wiley-Blackwell.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. Menslike ontwikkeling. Kaapstad : Kagiso Tersiêr.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 2004. Human Development. Kaapstad : Kagiso Tersiêr.

LUDWIG, C. 2007. 'n Ondersoek na opleidingsgeleenthere vir spesialisasie in forensiese maatskaplike werk. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Skripsie – MA)

MARLOW, C.R. 2005. Research methods for generalist social work. Vancouver : Brooks/Cole.

MOUTON, J. & MARIAS, H.C. 1992. Basiese Begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.

MYERS, J.E.B., BERLINER, L, BRIERE, J., JENNY, C, HENDRIX, C.T. & REID, T. 2002 The APSAC handbook on child maltreatment. Thousand Oaks: Sage publications.

NCANA, N. 2009. The number of calls to Childline in one year to report abuse: One Million. The Times : 1, Aug. 27.

OCTOBER, A. 2010. Maatskaplike werkers te min, erken minister. Die burger : 1, Maart.15.

OSBORNE, H.2010. Envy in the workplace: Jealous guise. The Guardian : 1, June. 19.

PIPE, M.E., LAMB, M.E., ORBACH, Y. & CEDERBORG, A. 2007. Child sexual abuse disclosure, delay and denial. London : Routledge.

SA see SOUTH AFRICA

SCHEEPERS, E. 2008. Forensiese maatskaplik werk as spesialiteit in maatskaplike werk: Definiëring en terreine. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Skripsie – MA)

SCHMIDT, C.W.H. Bewysreg. 2003. 4de uitgawe. Durban : Butterworths.

SCHOEMAN, U,C,W. 2006. A Taining Programe for Intermediaries for the Child Witness in South African Courts. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Skripsie-MA)

SKIDMORE, R.A. 1983. Social work Administration: Dynamic management and human relationships.USA: Prentice-Hall, Inc.

SOUTH AFRICA.1978. Social Service Professions Act. Act 110 of 1978. Pretoria. : Government Printer

SOUTH AFRICA. 1996. The Constitution of the Republic of South Africa Act. Act 108 of 1996. Pretoria. : Government Printer.

SOUTH AFRICA. 2005. Children's Act. Act38 of 2005. Pretoria. : Government Printer.

SOUTH AFRICA. 2007. Criminal Law (Sexual Offences and related matters) Amendment Act. Act 32 of 2007. Pretoria. : Government Printer

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SOCIAL SERVICE PROFESSIONS. 2010. Pamflet.

STADEN, S.M., HUGO, E.A.K., VAN ROOYEN, I.J.J. & VAN DELFT, W.F.1989. Maatskaplike werk opleiding oor sestig jaar. Hillcrest: Sigma Press.

STRYDOM, H. 2002. Maatskaplikewerknavorsing. Potchefstroom: PU vir CHO. P17 (Diktaat).

STRYDOM, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human services professions. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delpont, C.S.L. (ed). Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik Uitgewers: 113-130.

STRYDOM, I. 2007. Die Opvoedkundige-Sielkundige effek van Egskeiding op did Wil- en motiveringslewe van die kind in die Middelkinderjare. Kaapstad : Universiteit van Suid-Afrika. (Skripsie-MA).

SWEENDY, D. 2011. The Neurobiological of Psychic Trauma and Treatment Considerations. <http://www.rachelsvineyard.org/Downloads/Notes/Neurobiology%20of%20Psychic%20Trauma.pdf>. [Datum van gebruik : 12 Oktober 2011]

TAYLOR, S.C. 2005. Interviewing. (In Halloway, I. (ed.) Qualitative Research in Health Care. p. 39-55).

THOMAS, A.R. & SMITH, P.J. 2003. Spotlight on Social Research. New York : Pearson Education, Inc.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk/ new dictionary of social work. Kaapstad: CTP Book printers.

WESSELS, C. 2011.
http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/oud_pukke/pdf/bondsnuus.pdf.
[Datum van gebruik : 20 Julie 2011].

WEYERS, M.L. 2001. Demarcating the field of forensic social work in South Africa: a basic document. Pretoria : South African Council for Social Service Professions.

BYLAE

BYLAAG 1: DEKBRIEF

Geliewe deelnemer

Die ondergetekende is tans besig met haar MSW in forensies maatskaplike werk te Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Ten einde haar meestersgraad te kan voltooi moet sy 'n navorsingskripsie indien.

Die ondergetekende se navorsing tema is: "Leemtes wat forensiese werkers in die praktyk ervaar wanneer hulle kinders forensies assessee". Die steekproef is alle forensiese werkers in die Mpumalanga area.

Onderhoude sal ongeveer 2 ure duur en sal met 'n videokamera opgeneem word. Die doel van die videokamera is om dit makliker te maak vir die navorser, ten einde inligting te kan transkribeer. Alle inligting tydens onderhoude sal streng vertroulik hanteer word. Die bande sal nadat dit getranskribeer is, vernietig word. Deelnemers sal met die nodige respek behandel word en na afloop van die studie, indien u sou wou, sal die ondergetekende 'n afskrif van haar navorsingstudie aan u stuur.

U samewerking word opreg waardeer.

Vriendelike groete

Charmaine Meüter

Professor Cornelia Wessels (Studieleier)



Hiermee bevestig ek _____ dat die bogenoemde inligting met my bespreek is. Ek gee verder toestemming dat Charmaine E. Meüter 'n onderhoud met my mag voer, wat op band opgeneem word vir haar navorsingstudie. Ek bevestig verder dat ek vrywillig aan die studie deel neem en sal graag 'n afskrif van die skripsie na afloop van die navorsingstudie wil hê / nie wil hê nie.

Geteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ .

Handtekening _____

BYLAAG 2: VRAELYS

A) KWALIFIKASIE BESONDERHEDE

1. Wat is u hoogste kwalifikasie?
2. Het u 'n gedoseerde MA voltooi?
3. Indien Ja,
 - (a) wat was die inhoudelike van die kursus
 - (b) wat was u onderwerp van navorsing?
4. Indien u 'n navorsings MA voltooi het, wat was u onderwerp van navorsing?
5. Indien u 'n PhD voltooi het, wat was die onderwerp van u Proefskrif?

B) FORENSIESE ASSESSERINGS INLIGTING

1. Het u enige kursus voltooi oor forensiese assessering van kinders wat beweerdelik seksueel misbruik is?
2. Indien Ja,
 - a. gee 'n breedvoerige omskrywing van die inhoudelike van die kursus?
 - b. hoeveel uur het die kursus geduur?
 - c. was daar enige praktiese komponent verbonde aan die kursus?
 - d. indien Ja, wat het die prakties behels
3. Gee in u eie woorde wat u verstaan onder forensiese assessering van 'n kind wat moontlik seksueel misbruik is?
4. Hoeveel jare is u reeds betrokke by die forensiese assessering van kinders wat moontlik seksueel misbruik is?
5. Hoeveel kind(ers) het u reeds forensies geassesseer wat moontlik seksueel misbruik is?
6. Hoeveel van die kinders wat u forensies geassesseer het het onthul dat hulle seksueel misbruik is?

C) PROBLEME ERVAAR TYDENS ASSESSERINGS

1. Na 'n suksesvolle onthulling, het u enige probleme gehad om die kind te beskerm?
2. Indien Ja, watter tipe probleme was dit?
3. Wat is die tipiese probleme wat u in die Kinderhof ervaar?

4. Wat is die tipiese probleme wat u in die Strafhof ervaar?

D) PROTOKOL

1. Gebruik u 'n spesifieke protokol wanneer u 'n kind forensies assesser?
2. Indien Ja, watter protokol?
 - (a) Wat is die sterktes van die protokol wat u gebruik?
 - (b) Wat is die leemtes van die protokol wat u gebruik?
3. Indien Nee, hoekom gebruik u nie 'n protokol?

E) ONDERSTEUINGSSISTEME

1. Watter ondersteunende sisteme is in u werksomgewing beskikbaar?
 - ❖ Welsynsstruktuur
 - ❖ Regsisteem
 - ❖ Maatskaplike werkers in Privaat Praktyk
 - ❖ Sielkundiges in Privaat Praktyk
 - ❖ Polisie
 - ❖ Ander

F) MOONTLIKE FRUSTRASIES

1. Watter frustrasies ervaar u as forensiese maatskaplike werker/sielkundige in die ondersteunende sisteme, met betrekking tot die voltooiing van 'n forensiese assessering?
2. Enige iets anders wat u graag wil byvoeg